



**Wes-Kaapse
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

BETER TESAME.

JAARLIKSE PRESTASIEPLAN

2017/2018

Wes-Kaapse Departement
Maatskaplike Ontwikkeling

KWYTSKELDING

Die Engelse weergawe van die Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks gereken. Die Departement kan nie verantwoordbaar gehou word vir enige waninterpretasie wat moontlik tydens die vertalingsproses kon plaasgevind het nie.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is deur die Hoofdirektoraat: Sake- en Strategiese Beplanning, Departement Maatskaplike Ontwikkeling, saamgestel.

Skakel asseblief die volgende instelling om ekstra afskrifte van hierdie dokument aan te vra:

Die Departementshoof
Departement Maatskaplike Ontwikkeling
Privaatsakte X9112
KAAPSTAD
8000
Suid-Afrika

Tel: +27-21-483 5121
Faks: +27-21-483 6824
E-pos: Mishkaah.sallies@westerncape.gov.za

PR45/2017

ISBN: 978-0-621-45204-4

Titel van publikasies: Wes-Kaapse Regering Departement Maatskaplike Ontwikkeling
Jaarlikse Prestasieplan 2017/2018

TOLVRY NOMMER: 0800 220 250

WEBWERF: <http://www.westerncape.gov.za>

VOORWOORD

Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Die DMO herbevestig sy verbintenis om in die 2017–2018-finansiële jaar sy konstitusionele, wetgewende en verkiesingsmandaat, soos in die provinsiale en departementele strategiese planne uiteengesit is, te konsolideer en uit te brei.

Ons staar 'n verswakkende ekonomiese omgewing in die gesig, wat die Departement Maatskaplike Ontwikkeling se basis van hulpmiddels inkort en 'n negatiewe uitwerking op dienslewering het. In die jaar wat voorlê sal ons 'n vermindering in die Departement se geprojekteerde begroting moet hanteer, wat beduidende interne herprioritering sal vereis om die Departement se wesenlike dienste te verseker.

Die knellender begrotingsituasie vereis van ons dat ons voortgaan om ons organisatoriese omgewing te verbeter. Ons bereik dit deur ons bestuurstelsels te verbeter en te verseker dat ons hulpmiddels geprioritiseer word tot ons kernfunksies, wat die dienslewering-gerelateerde statutêre vereistes, soos die Kinderwet, die Wet op Kindergeregtigheid, die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelemisbruik, die Wet op Ouer Persone ens. insluit.

In hierdie verband bly dit krities belangrik om die akkuraatheid en funksionaliteit van die Departement se prestasie-inligting te verseker. 'n Groot deel van hierdie poging sal wees om akkurate prestasiedata van meer as 2000 gekontrakteerde nuwingsgewende organisasies (NWO's), 44 plaaslike diensleweringkantore en 'n hele klomp woongeriewe vir kinders en volwassenes wat deur die Departement bestuur word, te verkry. Die gedwonge fiskale konteks verplig die Departement om deurlopende hersiening van befondsing te doen, met die fokus om te verseker dat NWO-befondsing doeltreffend en aan organisasies wat lewering en impak toon, toegewys word. Die inligting oor prestasiemonitering is 'n kritiese instrument in hierdie opsig, en ons sal voortgaan om opleiding en vaardigheidverbetering in verband met die versameling en verifikasie van prestasie-inligting te prioritiseer.

Ons moet beklemtoon dat die Departement toenemend gefokus sal wees op lewering op die wetgewing wat ons diensleweringmaatreëls rig. Hierdie belangrike ingesteldheid sal aan ons NWO-vennote oorgedra word, aangesien ons meer met minder moet doen.

Soos altyd sal ons voortgaan om die Departement se vermoë te verbeter om aan die een kant funksionele teikens vir die Jaarlikse Prestasieplan te stel, aan die baie statutêre regeringspraktyk- en diensleweringvereistes te voldoen en dit in doeltreffende dienslewering op grondvlak toe te pas. Voorts, soos wat hulpmiddels meer beproef word, sal die voortgaande assessering van impak 'n sleutel- strategiese ingesteldheid vir die Departement wees en sal dit 'n tweede vlak van gehalteversekeringsprosesse vir prestasie-inligting instel.

Saam met ons vasbeslotenheid om deurlopend die implementering van statutêre vereistes wat met dienslewering verband hou, te verbeter, sal die Departement geleenthede vir kinders en die jeug ondersteun en meer daarvan aanbied. In hierdie verband sal ons voortgaan om die Provinsiale Vroeëkindertontwikkelingstrategie (VKO) bekend te stel. Die VKO-strategie het reeds gesorg vir die ontwikkeling van 'n baanbreker- spesiale VKO-program vir Engelse taal- en kognitiewe ontwikkeling. Dit sal hierdie finansiële jaar groter wees. Die Departement sal ook steeds in die Naskool-spelverskuier betrokke wees, wat die ruimtes sal voorsien wat kinders nodig het om by positiewe ontwikkelingsaktiwiteite deel te neem. In hierdie verband is ons uiters trots op ons Deelsorgprogram wat reeds toon dat dit goed geplaas is om positief tot die uitkomst van die Naskool-spelverskuier by te dra.

Ons sal deur die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie verseker dat programme vir jong mense volhoubaar is, 'n betekenisvolle impak op hulle lewe het, veral aangesien dit tot die vermindering van jeugwerkloosheid verband hou. In terme van die departementele mandaat is die strategiese fokus om te verseker dat die behoefte van die mees kwesbare en riskante jong mense geprioritiseer word, terwyl ons ook 'n menigte dienste, geleenthede en ondersteuning aan 'n verteenwoordigende deursnee jong mense verskaf. Hiervoor is ons inisiatiewe in die Departement en die Ministerie gemik op die verbetering van die gehalte van jeugontwikkelingsuitkomst, hoofsaaklik deur te verseker dat al ons programme wat die jeug teiken gerat is om jong mense in geleenthede te plaas wat hulle vooruitsig vir werk, vaardigheidsvlakke en oorkoepelende lewenskans verbeter.

Ons sal steeds poog om die gehalte van alle jeugprogramme, veral spesifieke inisiatiewe soos die Jeugkafes, uit te bou en te verbeter. Ons sal toesien en verseker dat die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) doeltreffender benut word as 'n bron van ekonomiese geleenthede en vaardigheidsontwikkeling vir jong mense. Ons sal ook op die insluiting van jong mense met gestremdhede fokus, met spesifieke klem op die skepping van verbeterde skakeling met ekonomiese geleenthede en beter gehalte dienste vir die gestremde jeug.

Hierdie transversale benadering is belangrik, aangesien die ekonomiese klimaat deurlopend meer druk plaas op die Departement se hulpbronne en vermoë om te lewer. Die Departement sal steeds deur die Gesin-in-gevaar-projek op die versterking van die gesin fokus. Hierdie projek fokus op wesenlike dienste en gesinne wat die grootste gevaar loop om te versplinter en vandaar verder beweeg na dienste wat op mediumrisikogevalle gerig is soos en wanneer die basiese dienste gestabiliseer het. Die uitvoering van hierdie projek is deels afhanklik van eksterne belanghebbendes in die Kindersorg en -beskerming/ Gesinsregstelsel, insluitend die Gesinshof, Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD), en die kantoor van die Gesinsadvokaat, ens. Die Departement sal daarna streef om samewerking te verbeter.

Ons sal steeds middelemisbruik aanpak, en ons intervensies sal steeds deur gehaltenavorsing gedryf word wat deurlopend beste praktyke sal ontwikkel, veral om alkohol-verwante skade te takel. In hierdie verband bly ons steeds onverbiddelik verbind aan die Alkohol-spelverskuiwer, en ons fokus sal wees om die gemeenskapgerigte model vir die behandeling van middelemisbruik en rehabilitasie uit te brei. Ons hooffokus, in vennootskap met die Departement Gesondheid (DvG), sal wees om 'n Kort Motiveringsintervensie (KMI) by noodsentra in die geteikende gebiede te vestig, wat aan hoërisikogebruiker wat 'n alkohol-verwante besering het, die nodige ondersteuning en bystand sal verleen. Die KMI-diens sal 'n vaste verwysingspadproses volg om te verseker dat hoërisikogebruikers geskikte maatskaplike dienste kan benut vandat hulle uit gesondheidsgeriewe ontslaan is. In hierdie verband sal ons ons gemeenskapsprogramme koördineer en die verwysingstelsel met en tussen al ons vennote binne alle sferes van die regering en NWO-sektore stroomlyn. Voorts sal die Departement die werk voortsit om die getal rehabilitasiedienste wat daarop gerig is om die psigososiale uitwerking van alkohol en dwelms te takel.

Selfs in die aangesig van onseker ekonomiese tye wat voorlê, en 'n beperkende fiskale klimaat, is die Departement vasbeslote om ons deel te doen en diens aan die mense van die Wes-Kaap te lewer. Ek vertrou dat hierdie JPP ons reaksie op die uitdagings helder en gefokus uitspel en dat dit ons bestuur en personeel goed sal begelei in die implementering hiervan.



PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

Advokaat A. Fritz

Datum: 6 Maart 2017

AMPELIKE AFTEKENING

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie prestasieplan:

- deur die bestuur van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling onder leiding van adv. Albert Fritz ontwikkel en in lyn met die Strategiese Plan van die Departement voorberei is;
- al die tersaaklike beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement verantwoordelik is, in ag neem;
- die prestasieteikens wat die Departement sal streef om te bereik, met die hulpbronne wat in die begroting vir 2017/18 beskikbaar gestel is, akkuraat weergee.



Me Marion Johnson
Hoofdirekteur: Sakebeplanning en -Strategie



Mnr. Juan Smith
Hoof- finansiële beampte (HFB)



Dr. Robert Macdonald
Rekenkundige beampte

Goedgekeur deur:



Adv. Albert Fritz
Uitvoerende gesag
Datum: 6 Maart 2017

| | |
|---|-----------|
| INHOUD | |
| KWYTSKELDING | 2 |
| VOORWOORD | 3 |
| AMPTELIKE AFTEKENING | 5 |
| AFDELING A: STRATEGIESE OORSIG | 9 |
| 1 Visie | 9 |
| 2 Missie | 9 |
| 3 Waardes | 9 |
| 4 Wetgewende en ander mandate en kernfunksies | 10 |
| 4.1 Konstitusionele mandate | 10 |
| 4.2 Wetgewede mandate | 10 |
| 4.3 Kernfunksies van die Departement | 12 |
| 4.4 Beleidsmandate | 12 |
| 4.5 Tersaaklike hofuitsprake | 15 |
| 4.6 Beplande beleidsinisiatiewe | 15 |
| 5 Situasionele ontleding | 15 |
| 5.1 Prestasieomgewing | 15 |
| 5.2 Organisasoriese omgewing | 19 |
| 5.3 Organisasoriese struktuur | 19 |
| 5.4 Beskrywing van die strategiesebeplanningsproses | 24 |
| 5.5 Belyning van die departementele mandate | 25 |
| 6 Departementele strategiese uitkomsgerigte doelwitte | 28 |
| 7 Oorsig van die 2017/18-begroting en MTBR-beramings | 29 |
| 7.1 Uitgaweberamings | 29 |
| AFDELING B B: INLIGTING OOR STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAMME | 34 |
| 8 Program 1: Administrasie | 34 |
| 8.1 Versoen prestasietekens met die begroting en MTBR | 37 |

| | | |
|-------------|--|------------|
| 8.2 | Risikobestuur | 39 |
| 9 | Program 2: Maatskaplike welsynsdienste | 39 |
| 9.1 | Versoen prestasieteikens met die begroting en MTBR | 46 |
| 9.2 | Risikobestuur | 48 |
| 10 | Program 3: Kinders en gesinne | 48 |
| 10.1 | Versoen prestasieteikens met die begroting en MTBR | 58 |
| 10.2 | Risikobestuur | 59 |
| 11 | Program 4: Herstellende dienste | 60 |
| 11.1 | Versoen prestasieteikens met die begroting en MTBR | 68 |
| 11.2 | Risikobestuur | 69 |
| 12 | Program 5: Ontwikkeling en navorsing | 70 |
| 12.1 | Versoen prestasieteikens met die begroting en MTBR | 77 |
| 12.2 | Risikobestuur | 79 |
| | AFDELING C: SKAKELS MET ANDER PLANNE | 81 |
| 13 | Skakels na langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne | 81 |
| 14 | Voorwaardelike toelaes | 83 |
| 15 | Openbare ondernemings | 83 |
| 16 | Openbare-privaat vennootskappe | 83 |
| | BYLAE A: Veranderinge aan die Strategiese Plan 2015–2020 | 84 |
| | BYLAE B: Tabela met beskrywing van tegniese aanwysers | 87 |
| | BYLAE C: Kontaklys | 140 |
| | BYLAE D: Akronieme | 142 |
| | BYLAE E: Sektoraanwysers nie deur die DMO Wes-Kaap gerapporteer nie | 144 |
| | BYLAE F: Vennootskapoooreenkomste | 146 |

AFDELING A: STRATEGIESE OORSIG

AFDELING A: STRATEGIESE OORSIG

1 Visie

'n Gemeenskap wat vir hulleself staan.

2 Missie

Om die verskaffing van 'n omvattende netwerk maatskaplike ontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes toerus en bemagtig.

3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering (RWK), wat die Departement ook onderskryf, is die volgende:



Omgee

Om om te gee vir hulle met wie ons saamwerk en vir wie ons dien



Bevoegdheid

Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is



Verantwoordbaarheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid



Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen



Innovering

Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en kreatiewe en vindingryke oplossings vir probleme te ontwikkel



Deelneming

Om die behoeftes van ons inwoners en werknemers te dien

Die Departement Maatskaplike Ontwikkeling is daartoe verbind om die volgende **seuteldiensleweringsebeginsels** toe te pas:

- **Werk anders**

Die Departement sal daarna streef om verskillende en vernuwende werkwyses te ondersoek en te toets ten einde maksimum resultate in die kortste moontlike tyd te bereik sonder om gehalte in te boet.

● **Raadpleging en insluiting**

Ons sal deurlopend aandag skenk aan betekenisvolle betrokkenheid met ons vennote en belanghebbendes soos gedefinieer in die Wet op die Interregeringverhoudingsraamwerk, no. 13 van 2005.

● **Toeganklikheid**

Toeganklikheid van dienste aan diegene wat dit nodig het, is van wesenlike belang. Die Departement sal steeds, waar nodig, sy strukture en prosesse oor die Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR)-tydperk moderniseer.

● **Verantwoordbaarheid en deursigtigheid**

Institusioneeliseer goeie korporatiewe regeeringspraktyk deur die implementering van uitslaggerigte monitering, evaluering en rapportering, gesonde sakeprosesse, beleide en die bevordering van toegeeflikheid ten einde verantwoordbaarheid en prestasie te verbeter.

4 Wetgewende en ander mandate en kernfunksies

4.1 Konstitusionele mandate

| Wetgewing | Impak op funksionaliteit van die DMO |
|---|--|
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 | Afdeling 28(1) van die Grondwet stippel die regte van kinders uit ten opsigte van geskikte versorging (basiese voeding, skooling, gesondheidsorg- en maatskaplike dienste) en stel dat die detensie van kinders 'n laaste uitweg is. |
| Grondwet van die Wes-Kaap, no. 1 van 1998 | Afdeling 78 van die Grondwet stippel die pligte van die Kommissaris vir Kinders uit wat die RWK moet bystaan om die kinders van die Wes-Kaap te bevorder en te beskerm, en verwys in die besonder na Welsynsdienste. |

4.2 Wetgewende mandate

| Wetgewing | Impak op funksionaliteit van die DMO |
|---|---|
| Wysigingswet op Ondersoekdienste, no.35 van 2002 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die doelwit is om die Wet op Ondersoekdienste, 1991, te wysig om sodoende sekere definisies te gee om: <ul style="list-style-type: none"> ● verdere voorsiening vir programme te maak wat gemik is op die voorkoming van en bestryding van misdaad; ● die magte en pligte van ondersoekbeamptes uit te brei; ● voorsiening te maak vir die pligte van assistent-ondersoekbeamptes; ● voorsiening te maak vir die verpligte assessering van gearresterde kinders; ● voorsiening te maak vir die vestiging van 'n ondersoekraadgewende komitee; en ● voorsiening te maak vir die aanwysing van gesinsopspoorders en vir sake in hierdie verband. |
| Wet op Niewinsgewende Organisasies, no. 71 van 1997 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die doelwit van hierdie wet is om NWO's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne NWO's hulle sake kan doen. |
| Wet op Huishoudelike Geweld, no. 116 van 1998 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die doelwit van hierdie wet is om slagoffers van huishoudelike geweld die maksimum beskerming teen huishoudelike mishandeling te bied. |
| Wet op Maatskaplikediensberoepe, no. 110 van 1978; Gewysig 1995, 1996 & 1998 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe (SARMDB) in die lewe geroep en omskryf die magte en funksies van die Maatskaplikediensraad en -beroepe. |
| Kinderwet, no. 38 van 2005 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet is op 1 April 2010 deur presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf: <ul style="list-style-type: none"> ● die regte en verantwoordelikhede van kinders; ● ouerlike verantwoordelikhede en regte; |

| Wetgewing | Impak op funksionaliteit van die DMO |
|--|--|
| | <ul style="list-style-type: none"> ● beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders; ● die bevordering van die welsyn van kinders; en ● die konsolidering van die wette wat met die welsyn en beskerming van kinders verband hou, en ook vir insidentele sake. ● Die hoofokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding in April 2011 van die Suid-Gautengse Hooggeregshof rakende die korrekte interpretasie van Afdeling 150(1)(a) van die wet. Die hof het bevind dat: <ul style="list-style-type: none"> ● 'n versorger wat 'n wetlike plig van versorging dra (in hierdie geval die ouma) as 'n pleegouer aangewys kan word; en ● nóg die Kinderwet, nóg die Wet op Maatskaplike Bystand of die regulasies daarvan 'n ondersoek na die pleegouer se inkomste vereis; die finansiële situasie van kinders wat versorging en beskerming benodig, in berekening gebring moet word, en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wetlike plig van versorging dra, nie die finansiële middele het om dit te doen nie, mag hulle vir 'n pleegouertoelae aansoek kan doen. |
| Wet op Ouer Persone, no. 13 van 2006 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet, wat op 1 April 2010 deur presidensiële proklamasie in werking gestel is, is op die bemagtiging en beskerming van ouer persone gemik, insluitend hulle status, regte, welsyn, veiligheid en sekuriteit, en die bestryding van mishandeling van ouer persone. ● Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsbenadering wat die volgende erken: <ul style="list-style-type: none"> ● Wysheid en vaardighede van ouer persone; ● Ouer persone se deelname aan gemeenskapsake; ● Regulering van die registrasie van die dienste van ouer persone; en ● Vestiging en bestuur van dienste en geriewe vir ouer persone. ● Anders as die Wet op Bejaarde Persone, no. 81 van 1967, verskuif die klem van institusionele versorging na gemeenskapgerigte versorging om te verseker dat ouer persone so lank as moontlik deel van die gemeenskap bly. |
| Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelemisbruik, no. 70 van 2008 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet maak voorsiening vir die implementering en omvattende en geïntegreerde dienslewering in die veld van middelemisbruik in alle regeringsdepartemente. Die hoofokus van die Wet is die bevordering van gemeenskapgerigte en vroeë-intervensieprogramme, asook die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelemisbruik. |
| Wet op Kinderegeregtheid, no. 75 van 2008 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet vestig 'n strafregproses vir kinders wat beskuldig word dat hulle oortree het en is op die beskerming van die regte van kinders gemik. |
| Wysigingswet op Seksuele Oortredings en Verwante Sake, no. 6 van 2012 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet wysig die Wysigingswet op Strafrege (Seksuele Oortredings en Verwante Sake), 2007, deurdat dit uitdruklik die oplegging van strawwe ten opsigte van sekere oortredings wat in die Wet vervat is, aan die diskresie van die houe oorlaat, en voorsiening maak vir sake wat daarmee verband hou. |
| Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, no. 7 van 2013 | <ul style="list-style-type: none"> ● Die Wet gee effek aan die Verenigde Nasies (VN) se Protokol om handel in mense, veral vroue en kinders, te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan. |

| Wetgewing | Impak op funksionaliteit van die DMO |
|---|---|
| Wet op Interregeringverhoudingsraamwerk, no. 13 of 2012 | <ul style="list-style-type: none"> Die Wet is daarop gemik om groter betrokkenheid tussen die drie sferes van regering te fasiliteer ten einde 'n stabiele en deelnemende stelsel van regeringspraktyk te bevorder wat die waardes en beginsels van openbare administrasie verbeter. |

4.3 Kernfunksies van die Departement

Die Departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n **Maatskaplike welsynsdiens** aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n **Gemeenskapsontwikkelingsdiens** wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

4.4 Beleidsmandate

- **Mediumtermyn- strategiese raamwerk (MTSR) (2014–2019):** Hierdie mediumtermyn-strategiese raamwerk (MTSR) is die regering se strategiese plan vir die 2014–2019-termyn waarvoor hy verkies is. Dit weerspieël die verbintenisse wat in die verkiesingsmanifes van die regerende party gemaak is, insluitend die verbintenis om die NOP te implementeer. Die MTSR sit die aksies uiteen wat die regering sal loods en teikens wat behaal moet word. Die doelwit van die MTSR is om beleidsbelyning en -koördinering oor regeringsplanne heen, asook belyning met begrotingsprosesse te verseker.
- **Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (2012):** Die Nasionale Beplanningskommissie het die 'Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030' op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe roete vir Suid-Afrika te karteer wat ten doel het om armoede teen 2030 uit te roei en ongelykheid te verminder. Die opgedateerde 'Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – laat dit werk' is in 2012 gepubliseer.
- **EenKaap: Van visie tot aksie (2012):** Die RWK het hierdie visie in Oktober 2012 aangeneem. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer kragdadige en inklusiewe ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit beskryf 'n visie oor hoe die mense van die Wes-Kaap saam hulle streekseksonomie en -gemeenskap oor die algemeen kan ontwikkel, en daardeur beplanning en aksie sal rig om 'n gemene verbintenis en verantwoordbaarheid tot volhoubare langtermynvoortgang te bevorder.
- **Provinsiale Strategiese plan (PSP) 2014–2019:** Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die RWK se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die RWK het vyf strategiese doelwitte geïdentifiseer in sy strewes om oor die volgende vyf jaar tot die realisering van die teikens en doelwitte van die NOP by te dra.
- **Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997):** Die Witskrif dien as die basis vir maatskaplike welsyn ná 1994 deur riglyne en beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsmaatskaplike welsynstelsels te voorsien.
- **Die Witskrif oor Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998):** Die Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en 'n gehalte lewe vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasie van bevolkingskwessies in die ontwikkelingsbeplanning in die verskillende sferes van regering en alle sektore van die samelewing. Die Departement het 'n mandaat om die implementering van die beleid en die impak daarvan op bevolkingsneigings en -dinamika binne die konteks van menslike ontwikkeling te monitor.
- **Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap, no. 54 van 2008:** Die doelwit van hierdie wet is om koördinering in jeugontwikkelingsake te bevorder.

- **Nasionale jeugbeleid 2020, April 2015:** Die doelwit is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jong mense bevorder om die ekonomie en die samelewing te transformeer deur hulle behoeftes te takel, positiewe uitkomstes en geleenthede, keuses en verhoudings te bevorder en die ondersteuning te voorsien wat nodig is om dit te ontwikkel.
- **Departement Maatskaplike Ontwikkeling se beleid oor die befondsing van nieregeringsorganisasies vir die verskaffing van maatskaplike welsyn- en gemeenskapontwikkelingsdienste (2013 – in Oktober 2015 gewysig):** Die beleid verseker dat oordragbetalings gebeur op 'n manier wat deursigtigheid, verantwoordbaarheid, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid is in lyn met die nasionale beleid oor finansiële belonings.
- **Die Witskrif oor die Gesin (2013):** Die hoofdoelwit van die Witskrif is om gesinswelsyn te koester, gesinne en gesinslewe te versterk en gesinskweptes in oorhoofse regeringsinisiatiewe vir beleidmaking uit te lig. Die Departement het 'n provinsiale plan ontwikkel om die Witskrif oor Gesinne te implementeer wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aangeneem is.
- **Die Raamwerk vir maatskaplike welsynsdienste (2011):** Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is met die Geïntegreerde dienslewingsmodel (GDLM) belyn en maak voorsiening vir 'n gestandaardiseerde proses waardeur maatskaplike werkers generiese omvattende geïntegreerde gehalte maatskaplike welsynsdienste sal verskaf wat op regtegebaseer en goed nagevors is.
- **Die Generiese norme en standaarde vir maatskaplike welsynsdienste (2011):** voorsien die norme vir die verskaffing van gehalte maatskaplike welsynsdienste en vorm deel van die Raamwerk vir maatskaplike welsynsdienste.
- **Die Regulasies van ondersoekdienste (2013):** Hierdie regulasies, wat in die Regulasiegaset no. 36159, 15 Februarie 2013, Vol. 572, no. 9911 gepubliseer is, is gemik op die regulering en verbetering van ondersoekdienste.
- **Nasionale Dwelmmeesterplan (2008):** Die plan help met die koördinerende van departemente en plaaslike gesagsliggame in lyn met die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelemisbruik, no. 70 of 2008. Die doel hiervan is om te verseker dat die land 'n eenvormige optrede teen middelemisbruik het.
- **Die Supervisieraamwerk vir maatskaplikewerkberoepes in Suid-Afrika (2011):** Dit verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, student- maatskaplike werkers, maatskaplike hulpwerkers, leerling- maatskaplike hulpwerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaat praktisyne ten einde bevoegde professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat die beste belange van diensgebruikers in die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor dien.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir maatskaplike welsyn (2013):** Hierdie nasionale raamwerk verskaf 'n konsekwente stelsel en duidelike standaarde om die doeltreffendheid te evalueer en deurlopende verbetering ten opsigte van maatskaplike welsynsdienste te verskaf.
- **Jeugstrategie van Departement Maatskaplike Ontwikkeling (2013):** Om die Departement se jeugontwikkelingsprogramme en -prioriteite te rig, in te lig en te lei en 'n sterk meetinstrument van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bring. Dit dien as 'n kritieke beplanninginstrument wat daarop gerig is om die behoeftes van jong mense van die Wes-Kaapprovinsie te takel.

- **Wes-Kaapse Jeugontwikkelingsstrategie (2013):** 'Die doelwit van die (provinsiale) jeugontwikkelingsstrategie (is) om meer steun, geleenthede en dienste aan alle jong mense te lewer sodat hulle beter by hulle gemeenskap/omgewing inskakel en suksesvolle, verantwoordelike en stabiele volwassenes kan wees. Dit fokus op jong mense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die 'jeugfase' tussen 15 en 24'.¹
- **Geïntegreerde provinsiale vroeëkindertontwikkelingsstrategie (2012):** Die strategie maak toegang tot gehalte VKO-voorsiening (insluitend Graad R) moontlik wat soveel kinders as moontlik in staat sal stel om die veerkrachtigheid, vertrouwe, vaardighede en bevoegdhede te verwerf om te verseker dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van Graad 1–12 is.
- **Nasionale Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplike Ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede (2013):** Die hoofdoelwit is om die voorsiening van hoofstroom-maatskaplike dienste aan persone met gestremdhede te rig en te koördineer. Die doelwit is om te verseker dat die waardigheid en regte van alle persone met gestremdhede deur die verskaffing van tersaaklike sosio-ekonomiese programme en dienste behou en bereik word wat hulle insluiting sal verseker.
- **Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (PROR) (2014):** Die raamwerk dien as 'n basis vir die koördinerings, integrasie en belyning van die 'voetsool'-lewering van nasionale en provinsiale departementele programme; staan munisipaliteite by om hulle munisipale beplanningsmandaat in lyn met die nasionale en provinsiale agendas te vervul; en steun en kommunikeer die regering se ruimtelike ontwikkelingsvoornemens aan die privaat sektor en burgerlike samelewing.
- **Wes-Kaapse Departement Maatskaplike Ontwikkeling se beleid oor die hersiening, vrylating en herintegrasie van gevonniste inwoners in DMO-kinder- en -jeugsorgsentrusse in minder beperkende alternatiewe of ouersorg (Julie 2014):** Hierdie beleid voorsien riglyne vir die hersiening, vrylating en herintegrasie van gevonniste inwoners in KJSS'e deur minder beperkende alternatiewe sorgplasinge, soos voorsien in Hoofstuk 11 van die Kinderwet, no. 38 van 2005 en Regulasies.
- **Wes-Kaapse Departement Maatskaplike Ontwikkeling se standaard- operasionele prosedure (SOP) vir die verwydering van straatkinder na 'n plek van veiligheid en daaropvolgende prosesse (2015):** Die SOP is ontwikkel as 'n stap-vir-stap-gids oor hoe om te werk te gaan wanneer 'n straatkind wat sorg en beskerming nodig het, na 'n plek van veiligheid verwyder word. Dit omskryf die rolle en verantwoordelikhede van die Departement se personele en ander belanghebbendes in die NWO en polisiëringsektore. Die SOP gee besonderhede oor: tydraamwerke waaraan voldoen moet word; voorsien definisies van straatkinder; op wie die prosedure van toepassing is; lig toepaslike wetgewing uit; en bevat kontaknommers van die tersaaklike rolspelers.
- **Departement Maatskaplike Ontwikkeling se strategie vir die verbetering van kindersorg- en beskermingsdienste (2015):** Die strategie is ontwikkel om die risiko's wat met die implementering van die statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet gepaard gaan, te verminder. Die strategie identifiseer die hoofoorsake van die probleem en die intervensies om hierdie kwessies die hoof te bied.
- **Gehalteversekeringsraamwerk vir die monitering van prestasie van maatskaplike welsyn- en gemeenskapontwikkelingsdienslewering (2015).** Hierdie provinsiale raamwerk is met die

¹ Uittreksel uit die Voorwoord van die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingsstrategie 2013, deur premier Helen Zille.

Nasionale gehalteversekeringsraamwerk vir maatskaplike welsyn (2013) belyn stel omvattende prestasiemonitering deur 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapsontwikkeling en maatskaplike welsyn in die Departement en die NWO-sektor in hierdie provinsie voor. Dit fokus voorts ook op die verbetering van gehalte in dienslewering en definieer die standaarde van diensuitnemendheid en hoe dit bestuur behoort te word.

- **Die Gehalteversekeringstrategie vir kinder- en jeugsorgsentrums (2015):** Hierdie strategie verseker dat gehalteversekering by KJSS'e toegepas word, soos deur Afdeling 211 en regulasie 89 van die Kinderwet voorgeskryf word.
- **Verbeterde voorsiening van strategie vir multiprogramsentrums (2015):** Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om die geskikte verspreiding van behoorlik nagevorste, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provisie te verseker, en die vereiste reeks woonsorgprogramme te verskaf soos in Afdeling 192 van die Kinderwet, no. 38 van 2005, voorsien is.
- **Nasionale vroeëkindertontwikkelingsbeleid (VKO-beleid) (2015):** Hierdie beleid is daarop gemik om die vroeëkindertontwikkelingsdienslewering in Suid-Afrika te transformeer, en veral om kritiese gapings aan te pak en die verskaffing van 'n omvattende ouderdoms- en ontwikkelingsstadium-geskikte gehalte vroeëkindertontwikkelingsprogram wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hulle versorgers, soos in die NOP in die vooruitsig gestel is, te verseker
- **Wes-Kaapse provinsiale strategie vir die voorsiening van kinder- en jeugsorgsentrums (KJSS'e) (2016):** Hierdie strategie beheer die voorsiening van 'n geskikte verspreiding van woonsorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg- en tersaaklike sentrumgerigte programme deur die hele provinsie, wat in lyn met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysing en beskikbaarheid van infrastruktuur is.

4.5 Tersaaklike hofbeslissings

Wes-Kaapse Forum vir intellektuele gestremdheid: Hofbevelsaaknommer: 18678/2007.

Beslissing wat op 11 November 2010 gelewer is, het die RWK opdrag gegee om redelike maatreëls in plek te stel vir die opvoedkundige behoeftes van grondig- en erg gestremde kinders. In nakoming van dié hofbevel maak die Departement voorsiening vir die salarisse van die versorgers en projekimplementerings van intellektueel gestremde kinders by 44 sorgsentrums en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders na en van die sentrums.

4.6 Beplande beleidsinisiatiewe

Geen om te rapporteer nie

5. Situasië-analise

5.1 Prestasieomgewing

Vir die laaste paar jaar het die Departement in 'n omgewing gewerk wat gekarakteriseer word deur hulpbronnbeperkings as gevolg van 'n verkleinde fiskale basis en 'n groeiende aanvraag vir basiese dienste. Sedert 2013 was jaar-tot-jaar-groei in die begroting vir goedere en dienste laer as inflasie (0,9% gemiddelde jaarlikse toename vanaf 2013/14 tot 2016/17, uitsluitend die verhoogde befonding wat met die oordrag van die Sivuyile-gerief van die Departement Gesondheid gepaard gegaan het), en die Departement het streng maatreëls toegepas en befonding na direkte dienslewering geprioritiseer.

Volgens Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) het die Wes-Kaap in die middel van 2015 'n bevolking van 6,2 miljoen gehad. Terselfdertyd het die provinsiale bevolking 11,3% van die land se

bevolking uitgemaak. Sedert 2011, toe die laaste sensus gehou is, het die bevolking van die Wes-Kaap met 300 781 mense toegeneem, met 'n gemiddelde jaarlikse groeitempo van 1,3%. Dit is noemenswaardig dat die meerderheid van Wes-Kaapse in-migrante in die ouderdomskategorie 15 tot 34 jaar val. Bevolkingsgroei vereis die toewysing van bykomende hulpbronne ten einde die behoeftes van 'n groeiende aantal mense te bevredig wat van die Departement se dienste gebruik kan maak. Die gemeenskapsopname in 2016 (GO 2016) wat deur Stats SA onderneem is, rapporteer dat daar 1 933 876 huishoudings in die Wes-Kaap is, met 'n gemiddelde grootte van 3,25 lede per huishouding. Dit is 'n toename van ongeveer 300 000 huishoudings sedert Sensus 2011. Baie van hierdie gesinne en huishoudings ervaar beduidende sosio-ekonomiese uitdagings om in die behoeftes van hulle lede te voorsien. Risikofaktore soos werkloosheid (22,2% konserwatiewe definisie; 24,6% uitgebreide definisie), misdaad en middelemisbruik bedreig die welsyn van kinders en gesinne in die provinsie.

Departementele intervensies sluit die fasilitering van toegang tot onmiddellike en tydelike maatskaplike leniging van nooddienste en tydelike werkgeleenthede deur die UOWP en geteikende voedingsinisiatiewe in. Die Departement sal primêr verseker dat bestaande statutêre verpligtings rakende Kinderhofprosesse nagekom word: alternatiewe sorg, aannemings, herenigingsprosesse, gesinsbemiddeling, ouerskapplanne, ouerregte en -verantwoordelikhede, huweliksberading en ouerskapvaardighede (PSD 3). Voorts lewer dit dienste aan riskante gesinne om te verseker dat die provinsiale regering sy statutêre verpligtinge teenoor hierdie gesinne nakom in ooreenstemming Afdeling 28 van die Grondwet, en verminder sodoende skade wat met disfunksie van gesinne verband hou. Kindersorg- en -beskermingsdienste en beleidsontwikkeling is van die Departement se sleutel- statutêre/wetlike mandate. Ter voorbereiding van die aanstelling van 'n Kinderkommissaris ('n vereiste van die Wes-Kaapse Grondwet, 1997 vorm die Departement deel van die provinsiale taakspan vir die konseptualisering van die mandaat van die Kommissaris.

Die Wes-Kaap het ongeveer 570 370 kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar. Ondanks nalatig geprojekteerde groei in hierdie bevolkingsgroep oor die volgende vyf jaar sal veiligheids-, kognitiewe ontwikkeling en voeding toenemend oor die volgende vyf jaar die fokus van VKO-intervensies word. Onlangse navorsing dui daarop dat gehalte VKO-dienste 'n positiewe impak op skooluitkomste het, en 'n transversale strategiese prioriteit om 'n spesiale VKO-program te vestig om die verwerwing van Engels te verbeter, asook kognitiewe ontwikkeling by 100 plekke waar skoolgereedheid in geletterdheid en gesyferdheid swak is, is in die proses van implementering in samewerking met ander provinsiale departemente. Die doelwit van die intervensie is om kinders in staat te stel om beter op skool te vaar. Die fokus van die VKO-program verskuif dus van die inname van kinders na die verbetering van die gehalte van VKO-programme in die provinsie. Uitdagings wat in hierdie sektor ervaar word, hou dikwels verband met munisipale herosnering en gesondheid- en veiligheidsmaatreëls wat 'n impak op die vermoë van deelsorggeriewe het om by die Departement te registreer. Die Departement werk dus nou saam met munisipaliteite om meer doeltreffende registrasie te bewerkstellig. 'n Deel van die strategie behels intervensies om nievoldoening te takel wat met foutiewe VKO-registrasies verband hou. Dit word bestuur deur herregistrasie-inisiatiewe en bewusmaking van die belangrikheid van voldoening aan die minimum norme en standaarde. Veldtogte van hierdie aard word jaarliks gevoer, wat die publiek van die voordele van voldoening aan die verskeie norme en standaarde bewus maak. Die Departement dra ook tot die provinsiale Naskool-spelverskuiwer by deur sy befondsing van naskool-deelsorggeriewe, en probeer ook om die gehalte van programme te verbeter en om 'n veilige en stimulerende omgewing te skep en hulpbronne deur samewerkende pogings te ontsluit. Die doel van die Spelverskuiwer is om gehalte naskoolprogramme aan ongeveer 20 van leerlinge in geen- en laeskoolfondsskole in die Wes-Kaap te verskaf.

GO 2016 rapporteer 'n totaal van 1 929 700 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die Wes-Kaap. Navorsing dui 'n hoë voorkoms van kindermishandeling aan, en dit is duidelik dat kinderbeskermingstrategieë geïntensiveer moet word. In hierdie verband verteenwoordig die sorg- en beskermingsdienste aan kinders die hoofokus van die Departement se werk en sy grootste enkele doelwit oor die volgende vyf jaar sal wees om hierdie dienste tot die standarde te lig wat deur die Kinderwet vereis word en hulle met ander provinsiale departemente, munisipaliteite, NWO's en private sektorvennote te koördineer ten einde tot die realisering van PSD 2 en 3 by te dra. Primêre uitdagings is dat Kinderbeskermings-NWO's dikwels nie daarin slaag om vakatures te vul of maatskaplikewerkpersoneel te behou nie, en hulpbronnbeperkings soos beperkte vervoer vir maatskaplike werkers om hulle funksies te verrig, in die gesig staar. Waar sulke situasies voorkom, help die Departement se streek- en plaaslike dienskantore om volle dekking in die provinsie te verseker. Die Departement het 'n veelvoudige benadering vir die bestuur van hierdie situasie geïmplementeer, wat insluit 'n verhoging in subsidietoewysing vir die salarisse van maatskaplike werkers, maatskaplikewerksupervisors en maatskaplikewerkbestuurders by befondsde NWO's in die vorige finansiële jaar en 'n fokus op kapasiteitsbou van die diensverskaffers ten opsigte van verbeterde rapportering, finansiële bestuur en gesonde bestuurspraktyk, en die kontrakbestuur van diensverskaffers, soos dit in hulle oordragbetalingsooreenkomste (OBO's) met die Departement gedefinieer is.

Volgens Sensus 2011 word gerapporteer dat 1 041 553 persone met verskeie vorme van gestremdhede in die Wes-Kaap woon (dit sluit selfsorggevalle uit) Hiervan het 190 929 persone gerapporteer dat hulle nie vir hulleself kan sorg nie. Die Departement sal met sy herstelintervensies voortgaan deur sy leierskap van die PSD 3-projek, waarvan die doel is om geleenthede, steun en die bevordering van regte, die welsyn en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hulle gesinne en versorgers voorop te plaas.

Die veroudering van die Wes-Kaapse bevolking word weerspieël in die 48% groei in die getal persone in die kategorie 60 jaar en ouer. Volgens Sensus 2011 het die Wes-Kaap 520 785 persone van 60 jaar en ouer. Onlangse bevolkingsprojeksies dui aan dat die bevolking van persone ouer as 60 tussen 2011 en 2020 met 'n verdere 35% sal groei. Die vinnigste groeiende bevolking van ouer persone is in gebiede wat tradisioneel nie 'n groot persentasie ouer persone gehad het nie. Daar is dus 'n wanbalans tussen waar dienste vir ouer persone gesetel is en waar die groeiende behoefte is. Die 73%-groei in persone van 85 jaar en ouer het beduidende implikasies vir die voorsiening en steun van siekesorgdienste vir ouer persone. Sorg vir ouer persone, veral die uitbreiding van onafhanklike en geassisteerde bestaan, siekesorg en geskikte gemeenskapgerigte intervensies bly 'n prioriteit vir die Departement. Dit word bereik deur die befonding van dienssentrums, geassisteerde woongeriewe en woonsorggeriewe. Navorsing in verband met 'n evaluering van dienssentrums vir ouer persone wat in die vorige jaar afgehandel is, het waardevolle insig vir die potensiële ontwikkeling van 'n geïntegreerde gemeenskapgerigte model binne die kontinuum van sorg verskaf.

Die Wes-Kaap is die tuiste van 2,1 miljoen jeugdiges tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar. Deur die gebruik van Sensus 2011-data is bereken

dat 13% van hierdie jeugdiges (ongeveer 277 160) geklassifiseer kan word as 'nie in diens, opvoeding of opleiding' (NDOO's). Voorts het meer as 60% van die werklose jeugdiges minder as 'n Matriekstandaard van opvoeding. Sleutelbevindings van die navorsing rakende NDOO's in die provinsie lig die negatiewe impak van geweldsmisdaad, middelemisbruik en bendebedrywighede op die sosialisering van jong mense uit. Dit, saam met die swak Suid-Afrikaanse ekonomie en die gebrek aan werkgeleenthede, het tot 'n hoë vraag na dienste vir jeugdiges, maar ook min ten opsigte van uitgaanstrategieë vir jeugdiges in vaardigheidsprogramme gelei. Die sleutelprioriteite van die Departement oor die MTBR is dus om te verseker dat alle departementele jeug-gefokusde programme met die

langtermynuitkomst van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie (PJOS) bely is en dat daar 'n strategiese fokus op NDOO's is. Daarby sal die Departement daarna streef om die NWO-jeuggeteikende programme in samewerking met die jeugsektor, met PJOS-uitkomst te bely. Eweneens sal die Departement, saam met die openbare sektor, in samewerking met die Departement van die Premier (DvdP), die transversale belyning en implementering van programme oor alle provinsiale departemente verseker.

Die PJOS is geïmplementeer en ses Jeugkafes is operasioneel en ontwerp om sterk, positiewe ruimtes te skep waar jong mense geleenthede gebied word om vaardighedsontwikkelingsprogramme, opleidingswerkwinkels, seminare en entrepreneurskapgeleenthede te benut. Verdere geleenthede vir jeugdige sal ook deur die Uitgebreide openbarewerkprogram (UOWP) verskaf word. Gedurende 2017/18 sal 1 455 UOWP-jeuggeleenthede geskep word.

Die voorkoms van maatskaplike misdaad in die Wes-Kaap bly 'n prioriteitskwessie as gevolg van die skadelike impak op die provinsiale maatskaplike en ekonomiese welsyn. In hierdie verband verg PSD 3 steeds dat ons onder andere psigososialesteun- en ander steundienste soos die volgende verskaf:

- Behandeling en verbandhoudende intervensies vir middelemisbruik;
- Intervensies om kinders teen mishandeling en verwaarlosing te beskerm;
- Sorg en steun vir slagoffers van huishoudelike mishandeling; en
- Steun aan riskante gesinne en ouers om skade weens die maatskaplike euwels te beperk.

Die mees beduidende toename in gerapporteerde misdaad in die provinsie het in die dwelmverwante misdaadkategorie voorgekom, met 'n toename van 156,3% in die tydperk tussen 2005 en 2015. Dit en ander sosiale euwels groei steeds teen 'n vinniger tempo as die bevolkingsgroei. 'n Duideliker prentjie van die voorkoms van dwelmverwante misdaad in die Wes-Kaap kom na vore wanneer dit in verhouding tot die bevolking ondersoek word. Teen 1,431 per 100 000 persone vir die tydperk 2014/ was die Wes-Kaap die provinsie met die hoogste verhouding van dwelmverwante misdade. In dieselfde jaar was die verhouding van voorkoms in die Wes-Kaap 292% hoër as die nasionale verhouding van 490 per 100 000. Departementele navorsing oor aangemelde gevalle van huishoudelike geweld dui 'n 18%-tename tussen 2007 en 2010 aan. In lyn met sy mandaat het die Departement op intervensies soos sy slagoffersteundienste; skuilings vir huislose volwassenes, veral vroue en kinders; spesiale akkommodasie vir slagoffers van mensehandel; ondersoekdienste en afleidingsprogramme bly fokus. Die Departement het 'n interne DMO-mensehandeltaakspan Saamgestel om die implementering van die Wet op die Voorkoming van en Bestryding van Mensehandel (2013) te help verseker. Die Departement sal 'n plan vir die inwerkingstelling van die Nasionale Gendergerigte Geweldbevelsentrum (GGGBS) ontwikkel. Die GGGB is 'n 24-uur hulplyn wat deur maatskaplike werkers beman word om die slagoffers van gender-gerigte geweld (GGG) by te staan om toegang tot dienste te verkry.

In reaksie op die provinsie se groeiende jeug-middelemisbruikuitdaging sal dwelmbehandelingsdienste in alle DMO- veilige kinder- en jeugsorgsentrums voortgesit word, wat ook die geval met die skoolgerigte dwelmbehandelingsprogramme in tien hoërisikoskole is. Die Departement neem deel aan die Alkoholskadevermindering-spelverskuiwer (ASKV-), waar die Departement verantwoordelik is vir Hefboom 3: Verbetering van die gehalte van regerings- en nieregings- alkohol- en maatskaplike dienste. Alkoholmisbruik kom toenemend onder die jeug voor en dit is krities belangrik om die skoolgaande jeug te bereik om hulle bewus te maak van die gevare wat met alkohol verband hou. Hierdie hefboom sal verseker dat alkoholmisbruik in die Lewensoriënteringsessies in die skoolkurrikulum en tydens naskoolprogramme onder die loep kom.

Laastens: ten einde te verseker dat die Departement sy dienste op 'n geskikte en geslaagde wyse teiken, word Geografiese Inligtingstelsel (GIS)-tegnologie gebruik om die kliëntbevolking (en toekomstige bevolking wat op data gegrond is) teen huidige dienslewering en 'n sosio-ekonomiese indeks aan te dui. Laasgenoemde is 'n meetinstrument om die potensiële teikenbevolking met grootste nood te identifiseer. Die ruimtelike ontleding dui aan of die departementele diensleweringshulpmiddels geskik binne die opvanggebied van die geteikende bevolking versprei is. Ruimtelike teikening word al hoe belangriker in 'n ekonomiese klimaat wat deur toenemende begrotingsdruk op die voorsiening van statutêre dienste gekenmerk word. Hierdie inligting is ook in die gesamentlike beplanningsproses met plaaslike owerhede bekend gestel. Voorts sal 'n projek om 'n duidelike prentjie van diensleweringsoverdekking in die provinsie (insluitend befondsde NWO-dienste) te verseker in die huidige finansiële jaar op diensleweringsoverdekking- (DLA-) vlak geïmplementeer word om die aanvraag vir dienste, gapings in dienslewering en watter dienste geprioritiseer moet word, duidelik te definieer ten einde tussen mededingende aanvraag en prioriteitsareas van kommer te besluit. Die Departement sal ook die navorsingstudie oor die groeipotensiaal van dorpe gebruik om die nedersettings met die hoogste armoede-indeks binne munisipaliteite op te spoor, die bestaande bronne te stip en saam met munisipale personeel maniere vas te stel om bestaande dienslewering te verbeter: eenvormige verwysingsroetes is byvoorbeeld reeds geïntegreer, wat beteken dat kliënte minder tyd bestee om dienste op te spoor.

5.2 Organisasoriese omgewing

'n Doeltreffende organisatoriese struktuur en geskikte sakeprosesse is wesenlik belangrik, aangesien die Departement die deurlopende uitdaging in die gesig staar om sy statutêre mandate binne 'n toenemend beperkende fiskale omgewing, groeiende provinsiale bevolking, uitdagende maatskaplike ewels en toenemende aanvraag vir dienste uit te voer. Sleutelement in hierdie strewe is die verbetering van sy organisatoriese struktuur, streng kostebesparende maatreëls, doeltreffende departementele bestuurspraktykstelsels en sakeprosesse en strategieë om die lewering van sy dienste te verbeter.

5.3 Organisasoriese struktuur

Die hoofdirektoraat: Maatskaplike Welsyn- en Sakebeplanning, saam met die korporatiewe dienste-eenhede van die Departement se ses streekkantore was die onderwerp van organisatoriese ontwerpprosesse tydens 2016/2017. Implementering is geskeduleer om in die huidige finansiële jaar te begin. Te opsigte van eersgenoemde was die fokus op die skepping van bykomende kapasiteit binne die Direktoraat: Spesiale Programme om dienste vir persone met gestremdhede, en meer spesifiek diegene met erge intellektuele gestremdheid, te lewer in die lig van die oordrag van hierdie funksie van die DvG en; die voorsiening van bykomende kapasiteit in die vorm van 'n gehalteversekeringseenheid in die Direktoraat: Fasiliteitsbestuur en Gehaltemonitoring. Dit sal verseker dat dienste wat binne departementeel, asook deur NWO-befondsde KJSS'e verskaf word, volgens die statuut gelewer word. In die geval van die Hoofdirektoraat: Sakebeplanning en Strategie is die mikrostruktuur aan die organisatoriese ontwerpproses onderwerp om meer doeltreffende beleidsbelyning, kennisbestuur en korporatiewe bestuurspraktyk van IKT-dienste binne die Departement te verskaf.

Die organisatoriese herontwerp van die ses streekkantore se korporatiewediensseenhede, gekoppel aan die implementering van die Departement se strategie vir die verbetering van kindersorg- en beskermingsdienste sal die verskaffing van bykomende administratiewe steun op diensleweringsoverdekking tot gevolg hê. Dit sal maatskaplike diens- professionele persone vir meer intensiewe maatskaplikewerksupervisie en dus doeltreffende voetsoolvlak-dienslewering vrystel. Dit sal die Departement in staat stel om sy statutêre verpligtinge ten opsigte van die Kinderhofprosesse, alternatiewe sorg, aannemings, gesinsbehoud en -hereniging, gesinsbemiddeling, ouerskapplanne, ouerregte en -verantwoordelikhede, huweliksberading en ouerskapvaardighede, wat almal kritiese maatskaplikewerkintervensies is, na te kom.

Sakeprosesse

Die departementele strategie vir die verbetering van kindersorg- en -beskermingsdienste in die Wes-Kaap is in die vorige jaar geïmplementeer, en intervensies in die strategie sluit die ontwikkeling van SOP's vir die implementering van statutêre maatskaplike dienste in. Konsep-SOP's (insluitend ouerskapooreenkomste en daaropvolgende prosesse; ouerskapplanne en daaropvolgende prosesse; reaksie op rapportering van kindermishandeling en/of -verwaarlosing – Fase 1; kanaliseringdienste) sal tydens die huidige finansiële jaar geïmplementeer word. Voorts is dienslewingsverbeteringsplanne wat met die strategie belyn is, vir kinderbeskermingsdienste en pleegsorgbestuur ontwikkel. Dit sal verseker dat die Departement sy statutêre mandaat vervul, en daarmee deels die risiko van litigasie verminder. Dit, gekoppel aan die goedkeuring van 'n SOP vir maatskaplike welsynsdienste wat in 2016 met die generiese Norme en standaarde vir maatskaplike welsynsdienste belyn is, verseker dat maatskaplikewerkpraktisyns 'n eenvormige en gestandaardiseerde benadering tot dienslewering oor alle streke implementeer, en só die gehalte van dienslewering verseker. Dit word deur deurlopende opleiding en die implementering van die 2011-supervisie-raamwerk vir die maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika onderskryf.

Ten opsigte van sy steundienste gaan die Departement voort om sy prestasie-inligtingsbestuursprosesse deur die loodsing van 'n tweedevlak-prestasie-inligtingsgehalte-versekeringsproses; deurlopende opleiding in die implementering van die prestasie-inligting-SOP en handleiding met die beskrywing van aanwyser (HBA) te verfyn. Die suksesse van hierdie maatreëls word bewys deur die feit dat die Ouditeur-generaal Suid-Afrika (OGSA) 'n ongekwalifiseerde audit oor die nut en betroubaarheid van die Departement se gerapporteerde prestasie-inligting gerapporteer het. Dit het ook voortgegaan om strategiese kontraktering – 'n oorlegplegende en gestruktureerde proses wat sy besteding krities ontlee deur die inligting te gebruik om doeltreffende sakebesluite oor die verwerwing van kommoditeite en dienste te neem – in reaksie op die NOP se gedifferensieerde benadering tot verkryging, te implementeer. Dit, gekoppeld aan die hersiening van die Departement se verskaffingskettingbestuur- (VKB)-struktuur en beknopte riglyne vir implementering sal 'n doeltreffende en deeglik toegeruste VKB-stelsel verseker.

Laastens sal die Departement voortgaan met die implementering van diensskedules as die meganismes vir die operasionalisering van die Diensvlak-ooreenkoms (DVO) wat die DvdP met die Korporatiewedienstesentrum (KDS) het. Dit sal ook voortgaan met die implementering en verfyning van SOP's vir sy eie diensskedules wat met die hantering van dissiplinêre prosedures, verlofbestuur, personeelwerwing en –keuse handel.

Menslikehulpbronbestuur

Indiensneming en vakatures

Die Departement is tans in die proses om die oorblywende befondsde vakante poste in die goedgekeurde organisatoriese struktuur vir die Hoofdirektorate: Maatskaplike Welsyn, en Gemeenskap- en Vennootskapontwikkeling te vul, en het 'n aantal maatskaplikewerk-gegraduateerdes wat houers van maatskaplikewerkbeurse van die Nasionale Departement Maatskaplike Ontwikkeling was aangestel. Die res is grootliks die gevolg van vorige herstruktureringprosesse wat tot die uitkontraktering van nie-wesenlike dienste soos skoonmaak en sekuriteit gelei het.

Tabel 1: Indiensneming en vakatures per program

| Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Januarie 2017 | | | | |
|---|--------------|--------------------|---------------------|---|
| Program | befonds | Getal poste ge vul | Vakature-verhouding | Getal poste ge vul bykomend tot die voorsiening |
| Program 1: Administrasie | 454 | 390 | 14% | 14 |
| Program 2: Maatskaplike welsynsdienste | 1 045 | 1 007 | 4% | 64 |
| Program 3: Kinders en gesinne | 74 | 61 | 18% | 0 |
| Program 4: Herstellende dienste | 641 | 526 | 18% | 31 |
| Program 5: Ontwikkeling en navorsing | 46 | 25 | 46% | 0 |
| Grooftotaal | 2 260 | 2009 | 11% | 109 |

Tabel 2: Indiensneming en vakatures per salarisband

| Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Januarie 2017 | | | | |
|--|--------------|--------------------|---------------------|---|
| Salarisband | Befonds | Getal poste ge vul | Vakature-verhouding | Getal poste ge vul bykomend tot die voorsiening |
| Laer vaardighede (Vlak 1–2) | 34 | 10 | 71% | 8 |
| geskool (Vlak 3–5) | 784 | 680 | 13% | 29 |
| Hoogs geskool Produksie (Vlak 6–8) | 1 059 | 947 | 11% | 65 |
| Hoogs geskool Supervisie (Vlak 9–12) | 358 | 347 | 3% | 6 |
| Senior bestuur (Vlak 13–16) | 25 | 25 | 0% | 1 |
| Grooftotaal | 2 260 | 2 009 | 11% | 109 |

Personeelopleiding

Die Departement het groot belê in die opleiding van sy personeel en die lelike vereiste (1%) oorskry. Die Departement het met opleiding begin wat 194 kinder- en jeugsorgwerkers in staat sal stel om hulle kwalifikasies teen die einde van 2016/2017-finansiële jaar met befonding deur die Gesondheid- en Welsynsektoronderwysopleidingsgesag (GWOOG) te formaliseer.

Beurse is aan gespesialiseerde velde toegewys waar die vaardigheidstekote soos ondersoekdienste, verslawingsdienste en gesinsnavorsing bestaan. Dit is bykomend tot die opleiding van maatskaplike werkers in maatskaplikewerksupervisie en sluit opleiding in die wetgewing in wat van toepassing is op hulle spesifieke maatskaplikewerkvelde of -praktyk, mentorskap en afrigting. Die voorsiening van opleidingsgeleenthede kan nie oorbeklemtoon word nie, aangesien vaardighede en dienslewingsgehalte deur kapasiteitsbou-intervensies verbeter word.

Oorlegplegings en vennootskappe

Om geïntegreerde en toeganklike dienslewering te verseker het die Departement oorleg gepleeg en in intersektorale en interregeringsvennootskappe, Memoranda van Verstandhouding (MvV) en diesnvlakooreenkoms (DVO) met ander regeringsdepartemente, munisipaliteite en privaatsektorvennote getree. Sien asseblief Bylae F vir meer besonderhede.

Tegnologiese omgewing

IT-stelsels speel 'n wesenlik belangrike rol in die doeltreffende werking van die Departement. Hiervoor gaan die Departement voort om te verseker dat IKT-bestuurspraktyke en stelsel-administratiewe prosesse en prosedures in plek en operasioneel is. Tweemaandelikse vergaderings van die IT-loodskomitee verseker dat die Departement se IKT-toerusting, sagteware en dienstetoewysingsproses aan die standaarde van die RWK, dat die verkrygings- en verwyderingsprosesse aan die Wet op die Staatsinligtings-tegnologieagentskap (SITA), no. 88 van 1998, soos gewysig deur die SITA-wet no. 38 van 2002, en die RWK se IKT-standaarde voldoen.


Ten opsigte van verkryging voorsien dit beamptes van 'n proses vir die aansoek, goedkeuring en verkryging van IKT-toerusting, en verseker dat die IKT-aansoeke wat van die personeel ontvang word, geëvalueer en goedgekeur is in terme van sy beleid en voldoen aan die RWK se IKT-standaarde, insluitend versoenbaarheid met en steun aan die RWK-netwerk. Stelsel-administratiewe steun word aan nasionale IKT-stelsels soos die Slagofferbemagtigings-program en Register vir ouer persone (SBPROP), Ondersoeksaakbestuurstelsel (OSB) en Kinder- en Jeugsorgaansoeke (KJSA's) en provinsiaal aan BAS, LOGIS, Elektroniese-inhoudbestuur (EIB) en so meer verskaf.

Die Strategiese IKT-plan 2015–2020 word jaarliks hersien, en prioriteite oor die MTBR bly die ontwikkeling van 'n saakbestuurstelsel vir eie dienste en 'n departementele NWO-bestuurstelsel vir uitgekontraakteerde dienste. Ten opsigte van eersgenoemde is sakeontleding onderweg, en in die geval van laasgenoemde is die eerste twee fases reeds afgehandel – d.i. die NWO-databasis en stelsel om die voldoeningsvereistes vir betaling te bestuur is gebou en getoets. Daar word gehoop en voorsien dat die stelsel doeltreffendehede in die betaling van oordragbefondsing aan NWO's sal genereer deur voldoeningskontrole van betalingsdokumente soos goedgekeurde NWO-verslae, finansiële state en OBO's sal automatiseer. Voorts maak bestuursinligting in verband met die verspreiding van befondsde dienste, gekoppel aan inligting oor die ligging van kwesbare groepe wat deur die Departement gediens word, gefokusde dienslewering moontlik. Die NWO-bestuurstelsel sal baie handgedrewe prosedures vervang, verdubbeling wat deur die huidige handgedrewe stelsel veroorsaak word, verminder en baie MS Excel-gerigte verslae en databasisse vervang wat tans vir rapportering en die doeleindes van voldoeningskontrole gebruik word.

Deur die implementering van generiese e-posadresse is die Departement beter in staat om elektroniese kommunikasie te bestuur en te verseker dat alle rekords volgens die toepaslike wetgewing geliasseer en beveilig word. Dit sal aan die Kommunikasie-eenheid en Direkoraat: Fasiliteitsbestuur en Gehaltemonitering bekend gestel word gedurende 2017, en sodoende verseker dat alle direkorate en eenhede in die Departement wat met die publiek werk, makliker toeganklik is.

'n Uitdaging in die tegnologiese omgewing is natuurlik die beperkende fiskale omgewing in die provinsie en Departement. Die Departement sal steeds voortgaan om maatreëls te implementeer om sommige van die uitwerkings van die provinsiale begrotingsinkorting te verminder wat in die MTBR voorsien word, deur sy IKT-netwerk verder as die DMO se verpligte vyfjaartydperk uit te brei en toegang tot potensiële bronne van befondsing in die provinsiale Tesourie en die nasionale Departement te verkry.

5.3 Organiseriese struktuur



5.4 Beskrywing van die strategiesebeplanningsproses

Die strategiesebeplanningsverslae is deur 'n ontleding van die nasionale uitkomst en prioriteite toegelig wat in die NOP, MTSR-uitkomst, provinsiale prioriteite en die PSD's vervat is, en is deur die volgende proses ontwikkel:

- 'n Strategiese hersieningsdokument wat besonderhede oor die nasionale en provinsiale wetgewing en beleid gee; 'n ontleding van die situasionele omgewing en 'n strategiese hersiening van die laaste strategieseplandydperk is saamgestel ter voorbereiding van die nuwe plan;
- Beplanningswerkwinkels is gehou, met programme, streke en geriewe ten opsigte van:
 - Belyning in terme van strategiese mandate;
 - Kontekstontleding
 - Begrotingsontleding;
 - Strategieseplanhersiening, prestasie- en begrotingshersieningstendense oor die afgelope drie jaar;
 - Prestasie oor die laaste kwartaal;
 - Hersiening van die hersiene beplande teikens vir NWO's, geriewe en streke/dienslewingsareas en gefokus op strategiese besluite met betrekking tot toekomstige beplanning;
 - Hersiene en versterkte van die tegniese beskrywing van aanwyser;
- Voorbereidingswerk is vooraf gedoen en die planne bespreek, gegrond op die huidige prioriteite, vorige prestasie, en toekomstige dienslewingsvereistes en -teikens is dienooreenkomstig aangepas;
- Interne herprioriteringsprosesse is onderneem en ooreenkomstige skuiwe is gemaak om die impak van die vermindering aan die Departement se basiese basis te versag;
- 'n Projek om 'n duidelike prentjie te gee van dienslewingsdekking (insluitend befondsde NWO-dienste) in die provinsie is op dienslewingsareavlak begin om aanvraag vir dienste, dienslewingsgapings, en watter dienste geprioritiseer moet word ten einde tussen mededingende aanvrae te besluit;
- Die provinsiale Hoof van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling het die besluit gehandhaaf om die sektor- en provinsiale aanwysers wat in die JPP 2013/14 bevat is, te behou, met veranderinge wat tot die minimum beperk is. Hierdie besluit is met die volgende toegelig:
 - 'n departementele onderneming aan die NWO-sektor wat die prestasie-aanwysers nie vir die MTBR sal verander nie, omdat 'n verandering van aanwysers sal vereis dat die Departement meer as 2 2000 kontrakte sal moet verander. Dit sal ook die vereis dat ondersteunende dokumentasie wat vir ouditdoeleindes vereis word, aangepas sal moet word;
 - Die Departement het soortgelyke ondernemings aan die provinsiale parlementêre Portefeuljekomitee oor Gemeenskapsontwikkeling en aan die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR) gegee, aangesien hierdie liggame het hulle kommer uitgespreek oor die gereelde verandering van aanwysers, wat dit onmoontlik gemaak het om 'n basis te vestig en die vordering van die Departement oor meer as een finansiële op te spoor en administratiewe laste vir NWO's tot gevolg gehad het;
 - Elke keer dat aanwysers verander word, moet nuwe basisse en teikens ontwikkel word. Dit kompromitteer die Mediumtermynbestedingskomitee (MTBK) se proses; en
 - Die Departement sal die nuwe sektoraanwysers in sy JPP en kwartaallikse prestasieverslae (KPV's) insluit, maar sal nie teikens kan stel of daarvoor verslag kan doen nie.

5.5 Belyning van die departementele mandate

Belyning met die tersaaklike hoofstukke van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) die uitkomst van die Mediumtermyn- strategiese Raamwerk (MTR), EenKaap2040 en Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD), Spelverskuiwer

| NOP 2030-uitkomst | MTR 2019-uitkomst | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese doelwitte | DMO-deelname aan provinsiale spelverskuiwer | Departementele strategiese-uitkomst-gerigte doelwitte | Begrotings-programstruktuur |
|---|--|--|--|---|--|--|
| Bou 'n bevoegde en ontwikkelingstaat. Beveg korrupsie | 'n Doeltreffende, doelgerigte en ontwikkelingsgerigte staatsdiens | Leidende Kaap : Leidende wêreldklas diensgerigte lewering. | Ingebedde goeie bestuurspraktyke en geïntegreerde dienslewering deur vennootskap- en ruimtelike belyning | - | Verbeter korporatiewe bestuurspraktyk. | Program 1: Doelwit van administrasie: Verskaf die strategiese bestuurs- en steundienste op alle vlakke van die departementele hoofkantoor; streekkantoor, plaaslike kantoor en geriewe |
| Maatskaplike beskerming. Gesondheidsorg vir almal. Bou veiliger gemeenskappe. Nasiebou en maatskaplike samehörigheid | 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig. Transformeer die samelewing en verenig die land | Verbindende Kaap: Herken en verhef die potensiaal van vennootskappe Ondernemende Kaap: Stel werk beskikbaar deur openbaresektor-indiensnemingsprogramme en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings Lewende Kaap: Verskuif van 'n fokus op behuising na een van dienste, gemeenskapsinfrastruktuur en openbare vervoer | Verhoog welstand, en veiligheid en verminder maatskaplike euwels | - | Verbeter maatskaplike funksionering van arm en kwesbare persone deur maatskaplike welsynsdienste | Program 2: Doelwit van maatskaplike welsynsdienste: Verskaf geïntegreerde ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste aan die arm en kwesbare persone in vennootskap met belanghebbendes burgerlike-samelewingorganisasies |

| NOP 2030-uitkomst | MTSR 2019-uitkomst | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese doelwitte | DMO-deelname aan provinsiale spelverskuiwer | Departementele strategiese-uitkoms-gerigte doelwitte | Begrotings-programstruktuur |
|--|--|---|---|---|---|---|
| <p>Maatskaplike beskerming.</p> <p>Gesondheidsorg vir almal.</p> <p>Bou veiliger gemeenskappe.</p> <p>Nasiebou en maatskaplike samehorigheid</p> <p>Verbeter onderwys, opleiding en innovering</p> | <p>'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel</p> <p>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners</p> <p>Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.</p> <p>Transformeer die samelewing en verenig die land</p> <p>Verbeterde gehalte basiese onderwys</p> | <p>Verbindende Kaap: Herken en verhef die potensiaal van vennootskappe</p> <p>Opgevoede Kaap: Bestuur 'n doeltreffende en geskikte onderwysstelsel volgens wêreldstandaarde</p> <p>Fasiliteer 'n oorlegplegende innoveringstelsel.</p> <p>Lewende Kaap: Verskuif van 'n fokus op behuising na een van dienste, gemeenskapsinfrastruktuur en openbare vervoer</p> | <p>Verbeter welstand, veiligheid en verminder maatskaplike euwels</p> <p>Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling</p> | <p>Brei gehalte naskoolaktiwiteite uit:</p> <p>Gereelde en volgehoue deelname aan naskoolse aktiwiteite wat tot positiewe jeugontwikkeling bydra</p> | <p>Omvattende kinder- en gesinsorg- en steundienste om die regte van kinders en maatskaplike welstand te verbeter</p> | <p>Program 3: Doelwit van kinder- en gesinsdienste:</p> <p>Verskaf omvattende kinder- en gesinsorg- en steundienste in gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlikesamelewings-organisasies</p> |
| <p>Maatskaplike beskerming.</p> <p>Gesondheidsorg vir almal.</p> <p>Bou veiliger gemeenskappe.</p> <p>Nasiebou en maatskaplike samehorigheid</p> | <p>'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel</p> <p>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners</p> <p>Alle mense in Suid-Afrika is en voel veilig.</p> <p>Transformeer die samelewing en verenig die land</p> | <p>Verbindende Kaap: Herken en verhef die potensiaal van vennootskappe</p> <p>Lewende Kaap: Verskuif van 'n fokus op behuising na een van dienste, gemeenskapsinfrastruktuur en openbare vervoer</p> | <p>Verbeter welstand, veiligheid en verminder maatskaplike euwels</p> | <p>Verminder alkoholverwante skade:</p> <p>Verbeter die gehalte van alkoholverwante gesondheid- en maatskaplike dienste</p> | <p>Takel maatskaplike euwels deur omvattende misdadaankomings- en misdaadvoorkomings- en rehabilitasieprogramme</p> | <p>Program 4: Doelwit Herstellende dienste:</p> <p>Verskaf geïntegreerde ontwikkelings- maatskaplike misdadaankomings- en teenmisdaadvoorkomingsdienste aan die kwesbaarste persone in vennootskap met belanghebbendes en burgerlikesamelewings-organisasies</p> |

| NOP 2030- uifkomst | MTSR 2019- uifkomste | EenKaap2040 | Provinsiale strategiese doelwitte | DMO-deelname aan provinsiale spelverskuiwer | Departementele strategiese- uitkomstgerigte doelwitte | Begrotings- programstruktuur |
|--|---|--|--|---|--|---|
| <p>Bou 'n bevoegde en ontwikkelingsstaat.</p> <p>Maatskaplike beskerming</p> <p>Nasiebou en maatskaplike samehorigheid</p> <p>Omgewingsvolhoubaarheid en veerkragtigheid.</p> <p>Ekonomie en indiensneming</p> | <p>'n Doeltreffende, doelgerigte en ontwikkelingsgerigte staatsdiens</p> <p>Deeglike indiensneming deur inklusiewe ekonomiese groei</p> <p>'n Geskoolde en bevoegde arbeidsmag wat 'n inklusiewe groeiroete ondersteun</p> <p>Omvattende landelike ontwikkeling</p> | <p>Opgevoede Kaap: Bestuur 'n doeltreffende en geskikte onderwysstelsel volgens wêreldstandaarde</p> <p>Fasiliteer 'n oorlegplegende innoveringstelsel</p> <p>Ondernemende Kaap: Stel werk beskikbaar deur openbaresektor-indiensnemingsprogramme en fasiliteer die skep van maatskaplike ondernemings</p> <p>Verbindende Kaap: Herken en verhef die potensiaal van vennootskappe</p> | <p>Skep geleenthede vir groei en werk.</p> <p>Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling</p> | - | Skep geleenthede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste. | <p>Program 5: Doelwit van Ontwikkeling en navorsing: Verskaf volhoubare ontwikkelingsprogramme wat bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gegrond op empiriese navorsing en demografiese inligting</p> |

6 Departementele strategiese uitkomstgerigte doelwitte

| | |
|--|--|
| Strategiese uitkomstgerigte doelwit 1 | <p>Verbeterde korporatiewe bestuurspraktyk</p> <p>Doelwitstelling: Die Departement implementeer doeltreffende en doelgerigte sakeprosesse, insluitend navorsings-, beplannings-, kennis-, prestasiebestuur en verbeter daardeur sy prestasie in die maatskaplike sektor</p> <p>Regverdiging: Om die integriteit van sakeprosesse deur deursigtige, inklusiewe besluitneming en gefokusde implementering wat op maatskaplike navorsing gegrond is, asook monitering en rapportering. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese strukture sal doeltreffend en doelgerig gemaak word ten einde verbeterde dienslewering vir almal in die provinsie te bied.</p> <p>Skakels: Hierdie doelwit skakel met PSD 5: 'Sluit goeie bestuurspraktyk en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning in.' Dit skakel ook baie nou met die NOP 2030-uitkoms: 'Bou 'n bevoegde en ontwikkelingstaat' en 'Beveg korrupsie' en die MTSR 2019-uitkoms: ''n Doeltreffende, doelgerigte en ontwikkelingsgerigte staatsdiens'.</p> |
| Strategiese uitkomstgerigte doelwit 2 | <p>Verbeter maatskaplike funksionering van arm en kwesbare persone deur maatskaplike welsynsdienste</p> <p>Doelwitstelling: Verbeter maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur geskikte ontwikkelings- maatskaplike welsynsintervensies wat individue en gesinne in vennootskap met belanghebbendes versterk.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum van maatskaplike welsynsdienste aan alle kwesbare individue en groepe te bied, met spesifieke verwysing na persone met gestremdhede, ouer persone en diegene wat onnodige swaarkry verduur.</p> <p>Skakels: Hierdie doelwit skakel met PSD 3: 'Verhoog welstand, veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. Dit skakel ook met Nasionale uitkoms 2: ''n Lang en gesonde lewe vir talle Suid-Afrikaners'; Nasionale uitkoms 11: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: ''n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingsbevel'.</p> |
| Strategiese uitkomstgerigte doelwit 3 | <p>Omvattende kinder- en gesinsorg en-steundienste om die regte van kinders te beskerm en maatskaplike welstand te bevorder</p> <p>Doelwitstelling: Geskikte kinder- en gesinsorg- en-steundienste en -intervensies wat die ontwikkeling van kinders en gesinne in vennootskap met belanghebbendes beskerm, steun en fasiliteer.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program het ten doel om 'n kontinuum - maatskaplike welsynsdienste aan alle kwesbare kinders en gesinne te bied ten einde die gesinstruktuur te behou.</p> <p>Skakels: Hierdie doelwit skakel met PSD 2: 'Verbeter onderwysuitkomst en-geleenthede vir jeugontwikkeling' en PSD 3: 'Verbeter welstand, veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. Voorts skakel dit ook met Nasionale uitkoms 2: ''n Lang en gesinde lewe vir alle Suid-Afrikaners', Nasionale uitkoms 11: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: ''n Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel'.</p> |
| Strategiese uitkomstgerigte doelwit 4 | <p>Takel maatskaplike euwels deur omvattende maatskaplike misdaadvoorkomings- en middelemisbruik-voorkomings- en rehabilitasieprogramme aan te bied</p> <p>Doelwitstelling: Verminder maatskaplike euwels deur die verskaffing van maatskaplike misdaadvoorkomings-, -ondersoek-en middelemisbruikdienste wat riskofaktore</p> |

| | |
|--|--|
| | <p>verminder en verantwoordelike, daadkragtige en produktiewe lede van die samelewing ontwikkel.</p> <p>Regverdiging: Hierdie program is daarop gemik om 'n kontinuum van gespesialiseerde ondersoekdienste aan persone in konflik met die reg en hulle slagoffers te bied, om hulle daadkragtigheid teen maatskaplike misdaadriskofaktore te versterk.</p> <p>Skakels: Hierdie doelwit skakel met PSD 2: 'Verbeter onderwysuitkomst en geleentheid vir jeugontwikkeling' en PSD 3: 'Verhoog welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. Voorts skakel dit ook met Nasionale uitkoms 2: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: 'Inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingstelsel'.</p> |
| Strategiese uitkomstgerigte doelwit 5 | Skep geleentheid deur gemeenskapontwikkelingsdienste |
| | Doelwitstelling: Skep geleentheid vir individue en gemeenskappe om verhoogde maatskaplike en ekonomiese bemagtiging en daadkrag gebaseer op empiriese navorsing te ontwikkel. |
| | Regverdiging: Hierdie program is daarop gemik om maatskaplike insluiting te verbeter en armoede te verminder deur toegang tot volhoubare gemeenskapontwikkelingsprogramme te verskaf om geleentheid vir almal te skep om selfwaardig te word. |
| | Skakels: Hierdie doelwit skakel met PSD 2: 'Verbeter onderwysuitkomst en geleentheid vir jeugontwikkeling'; PSD 3: 'Verhoog welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels' en PSD 5: 'Sluit goeie bestuurspraktyke en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning'. Hierdie doel skakel met Nasionale uitkoms 11: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld'. |

Nota: Die doelwitaanwysers en die meegaande aanwyserbeskrywings word in Bylae B: tabelle met beskrywing van tegniese aanwysers weerspieël

7 Oorsig van 2017/18-begroting en MTBR-beramings

7.1 Bestedingsberamings

Opsomming van betalings en beramings

| Program R'000 | Uitkoms | | | Hoofbepaling | Aangepaste bepaling | Hersiene beraming | Mediumtermynberaming | | | % verandering van hersiene beraming |
|---------------------------------------|------------------|------------------|------------------|------------------|------------------------|----------------------|----------------------|------------------|------------------|---|
| | Geoudit | Geoudit | Geoudit | | | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | |
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | | | | | | |
| 1. Administrasie | 176 797 | 189 043 | 174 273 | 185 806 | 187 185 | 187 185 | 199 813 | 216 472 | 232 988 | 6.75 |
| 2. Maatskaplike welsynsdienste | 579 986 | 634 864 | 719 877 | 778 385 | 771 773 | 771 773 | 850 242 | 893 239 | 962 801 | 10.17 |
| 3. Kinders en gesinne | 523 498 | 550 888 | 601 064 | 615 102 | 616 536 | 616 536 | 651 564 | 680 785 | 696 370 | 5.68 |
| 4. Herstellende dienste | 248 304 | 290 705 | 318 985 | 334 315 | 339 138 | 339 138 | 348 686 | 371 058 | 391 898 | 2.82 |
| 5. Ontwikkeling en navorsing | 51 558 | 68 342 | 77 873 | 47 830 | 49 232 | 49 232 | 56 669 | 42 933 | 45 600 | 15.11 |
| Totaal: Betalings en beramings | 1 580 143 | 1 733 842 | 1 892 072 | 1 961 438 | 1 963 864 | 1 963 864 | 2 106 974 | 2 204 487 | 2 329 657 | 7.29 |

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkoms | | | Hoofbewilling | Aangepaste bewilling | Hersiene beraming | Mediumtermynberaming | | | % verandering van hersiene beraming 2016/17 |
|---|------------------|------------------|------------------|------------------|----------------------|-------------------|----------------------|------------------|------------------|---|
| | Geoudit | Geoudit | Geoudit | | | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | |
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | | | | | | |
| Huidige betalings | 681 945 | 749 914 | 800 018 | 871 493 | 872 485 | 872 049 | 936 665 | 999 962 | 1 094 143 | 7.41 |
| Vergoeding van werknemers | 504 500 | 571 040 | 620 270 | 681 281 | 682 438 | 682 004 | 752 769 | 801 979 | 884 449 | 10.38 |
| Goedere en dienste | 177 445 | 178 874 | 179 748 | 190 212 | 190 047 | 190 045 | 183 896 | 197 983 | 209 694 | 3.24 |
| Rente en huur op grond | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Oordragte en subsidies aan | 873 470 | 955 013 | 1 063 154 | 1 061 261 | 1 062 136 | 1 062 571 | 1 138 533 | 1 170 923 | 1 200 108 | 7.15 |
| Provinsies en munisipaliteite | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 23 | 31 | 32 | 37 | 37 | 42 | 39 | 41 | 43 | (7.14) |
| Niewingsgewende instellings | 869 594 | 946 775 | 1 052 555 | 1 053 447 | 1 053 302 | 1 053 302 | 1 129 461 | 1 161 500 | 1 190 229 | 7.23 |
| Huishoudings | 3 853 | 8 207 | 10 567 | 7 777 | 8 797 | 9 227 | 9 033 | 9 382 | 9 836 | (2.10) |
| Betalings vir kapitale bates | 24 622 | 27 334 | 27 779 | 28 684 | 29 243 | 29 244 | 31 776 | 33 602 | 35 406 | 8.66 |
| Geboue en ander vaste strukture | - | 3 049 | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Masjinerie en toerusting | 24 622 | 24 285 | 27 766 | 28 684 | 29 243 | 29 244 | 31 776 | 33 602 | 35 406 | 8.66 |
| Waarvan: Gekapitaliseerde goedere en dienste ingesluit is in betalings vir kapitale bates | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Betalings vir finansiële bates | 106 | 1 581 | 1 121 | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal: ekonomiese klassifikasie | 1 580 143 | 1 733 842 | 1 892 072 | 1 961 438 | 1 963 864 | 1 963 864 | 2 106 974 | 2 204 487 | 2 329 657 | 7.29 |

Verbandhoudende bestedingsneigings aan strategiese uitkomsgerigte doelwitte

Die Departement het sy prioriteite met die nasionale uitkomst en die PSD's bely, met befondsingstoewysings aan dienslewering in die prioriteitsareas van kindersorg en -beskerming, ouer persone, gestremdhede middelemisbruikdienste en jeugontwikkeling. Ons fokus is om ons verhoogde statutêre verpligtinge na te kom wat voortspruit uit die promulgering en implementering van onder ander die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelemisbruik, die Kinderwet, die Wet op Kindergeregtigheid en die Wet op Ouer Persone.

Begrotingsbesluite

Die begrotingsdruk wat in die onderstaande tabel genoem word, word werklik ervaar en het druk op die beplanning en formulering van die begroting geplaas:

| Begrotingsdruk | Begrotingsbesluite en –oorwegings |
|--|--|
| Bereiking van statutêre verpligtings ten opsigte van die volgende wette: Die Grondwet van Suid-Afrika, Kinderwet, Wet op Middelemisbruik, die Wet op Ouer Persone en die Wet op Kindergeregtigheid, en dienste wat deur die ander wetgewing soos die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel en die Wet op Gesinsgeweld en die Wysigingswet op Seksuele Oortredings en Verwante Sake gedryf word | <ul style="list-style-type: none"> ● Groeiende vraag na dienste weens bevolkingsgroei in die provinsie en groter armoede; ● Toenemende fokus op statutêre verpligtinge en klem daarop om hierdie dienste tot die vereiste standaard te verbeter; ● Toename in provinsiale bevolkingsgroei moet in aanmerking neem word in die provinsiale regering se billike deel, aangesien dit 'n impak op alle groot dienslewingsdepartemente het |
| Gaan voort om waarde vir geld via befondsing van NWO-dienste te realiseer sonder om die lewensvatbaarheid van hierdie organisasies te kompromitteer. | <ul style="list-style-type: none"> ● 'n Nasionale Voorwaardelike toelaag vir VKO: 2017/18 (R19,15 miljoen); 2018/19 (R31,47 miljoen); en 2019/20 (R33,23 miljoen); ● 'n Nasionale Voorwaardelike toelae vir UOWP: 2017/18 (R15,93 miljoen); ● 'n Prioriteitstoewysing vir woonsorg vir ouer persone (siekesorg) en persone met gestremdhede; ● Laer as inflasie-toenames ($\pm 3\%$); en ● Vermindering van niestatutêre dienste (bv. voorkomings en opleidingsprogramme, NWO-steunprogramme en selfs VKO). |
| Vergoeding van werknemers (VvW)-plafonimplikasies | <ul style="list-style-type: none"> ● 'n Nasionale Voorwaardelike toelaag vir maatskaplikewerkerindiensneming: 2017/18 (R11,98 miljoen); 2018/19 (R12,96 miljoen); en 2019/20 (R14,01 miljoen); ● Herskikking van hulpbronne aan NWO's om dienste namens die DMO te lewer (meer koste-doeltreffend); ● Herorganiseer menslike hulpbronne om doeltreffendheid te verbeter (geïdentifiseerde behoefte aan sterker korporatiewedienssteun vir maatskaplikewerk- operasionele spanne); ● Minimale groei in die vestiging oor die MTBR weens toenames laer as voorgeskrewe persentasie aan VvW-toewysing deur die provinsiale tesourie (PT). |
| Infrastruktuur: vesting van plaaslike kantore en onderhoud | <ul style="list-style-type: none"> ● Fondse wat aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) toegewys is vir 'n bykomende slaaplokaal in Clanwilliam KJSS: 2017/18 (R10 miljoen) en dringende onderhoud by KJSS'e: 2017/18 (R14 miljoen); 2018/19 (R24 miljoen); en 2019/20 (R24 miljoen); ● Prioriteitstoewysing vir dienslasdruk; ● Afhanklikheid van die beskikbaarheid van geskikte persele en die befondsing daarvan (DMO en DVOW); en ● Onder-batebestuursplan (O-BBP) moet deur 'n DVO tussen DMO en DVOW ondersteun word |

| Begrotingsdruk | Begrotingsbesluite en –oorwegings |
|--|---|
| IKT-ontwikkeling en maatskaplike navorsing | <ul style="list-style-type: none"> ● Plaas verdere ontwikkeling van die NWO-bestuurstelsel (Module 3-5) op ys. Bronbefondsing van Departement Staatsdiens en -Administrasie (DSA) (vennootskap); ● IKT-opfrissingslewenduur van toerusting moet verder as die DMO-verpligte 5-jaartydperk verleng word; ● 'n Beperkte prioriteitstoewysing vir IKT-opfrissing; en ● Maatskaplike navorsing nie uitgekonnekteer nie; word in Departement gedoen. |
| Kontraktueel verbind om verhogings bo inflasie aan sekere sektore te implementeer wat nie deur die DMO beheer word nie, bv. sekuriteit- en skoonmaakdienste (loonvaststelling) | <ul style="list-style-type: none"> ● Prioriteitstoewysing vir dienslasdruk; ● Hersien die sekuriteit- en skoonmaakspesifikasies; en ● Alternatiewe bronne vir sekuriteitsinisiatiewe teenoor 24-uur-sekuritetswagte vir DLA's |
| Verbetering van KJSS'e en middelemisbruiksentrums | <ul style="list-style-type: none"> ● Uitbreiding van die Ontvangs-, waarneming-, assessering- en verwysingsentrum (OWAV) vir kinders wat risikogevalle is weens dringende behoefte vir dienste in toegewysde bronne; ● Die Kensington-rehabilitasiesentrum is vanaf Oktober 2016 ingekonnekteer; en ● Sluiting van Tenderton KJSS |

**AFDELING B: STRATEGIESE DOELWITTE EN
INLIGTING OOR PROGRAMME**

AFDELING B: STRATEGIESE DOELWITTE E EN INLIGTING OOR PROGRAMME

Hierdie afdeling van die JPP word gebruik om die prestasietekens vir elke strategiese doelwit wat in Deel B van die Strategiese plan geïdentifiseer is, vir die komende finansiële begrotingsjaar en oor die tydperk van die MTBR uiteen te sit. Prestasie-aanwysers wat die assessering van die oorhoofse prestasie van elke program sal fasiliteer, word ook ingesluit.

Die tabel hier onder gee die Begrotingsprogramstruktuur.

Begrotingsprogramstruktuur 2017/18

| PROGRAM | SUBPROGRAM |
|---------------------------------------|---|
| 1. Administrasie | 1.1. Kantoor van die LUR 1.2. Korporatiewe bestuursdienste 1.3. Distriksbestuur |
| 2. Maatskaplike welsynsdienste | 2.1. Bestuur en steun 2.2. Dienste aan ouer persone 2.3. Dienste aan persone met gestremdhede 2.4. MIV en VIGS 2.5. Maatskaplike verligting |
| 3. Kinders en gesinne | 3.1. Bestuur en steun 3.2. Sorg en dienste aan gesinne 3.3. Kindersorg en-beskerming 3.4. VKO en deelsorg 3.5. Kinder- en jeugsorgsentrums 3.6. Gemeenskapgerigte sorgdienste vir kinders |
| 4. Herstellende dienste | 4.1. Bestuur en steun 4.2. Misdaadvoorkoming en -steun 4.3. Slagofferbemaatriging 4.4. Middelemisbruik-, -voorkoming en -rehabilitasie |
| 5. Ontwikkeling en navorsing | 5.1. Bestuur en steun 5.2. Gemeenskapsmobilisering 5.3. Institusionele kapasiteitsbou en steun aan NWO's 5.4. Armoedeverligting en volhoubare bestaan 5.5. Gemeenskapgerigte navorsing en beplanning 5.6. Jeugontwikkeling 5.7. Vroue-ontwikkeling 5.8. Bevordering van bevolkingsbeleid |

8 Program 1: Administrasie

Doel van die program

Hierdie program vang die strategiese bestuurs- en steundienste op alle vlakke van die Departement vas, d.i. provinsiale, streek-, distrik- en geriewe/institusionele vlak. Let wel: Die korporatiewedienssentrum wat in die Departement van die Premier gevestig is, verskaf die volgende steundienste aan die Departement: Mensehulpbronbestuur.

Die program bestaan uit die volgende subprogramme:

Beskrywing van program

Subprogram 1.1 Kantoor van die LUR

Doel van subprogram

Verskaf politieke en wetlike koppelvlak tussen regering, burgerlike samelewing en alle ander tersaaklike belanghebbendes.

Subprogram 1.2 Korporatiewe Bestuursdienste

Doel van subprogram

Verskaf die strategiese rigting en die oorhoofse bestuur en administrasie van die Departement.

Subprogram 1.3 Distriksbestuur

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die desentralisasie, bestuur en administrasie van dienste op distriksvlak binne die Departement.

(Die opskrif *Distriksbestuur* word voorgeskryf ten opsigte van die nasionale begrotingstruktuur. Die DMO van die Wes-Kaap funksioneer egter deur *Streekkantore*.)

Programfokus

Gedurende hierdie finansiële jaar sal Program 1 op die volgende strategiese areas fokus:

- Die implementering van die Departement se organisatoriese struktuur en organisatoriese herontwerpproses om die kapasiteit vir monitering van dienslewering en -prestasie binne die perke van die VvW-bestedingsplafon te verbeter;
- Gebruik 'n aanlyn opleidingsplatform om die kapasiteit van maatskaplike werkers, maatskaplikewerksupervisors en –bestuurders ten opsigte van die implementering van die Kinderwet te bou; en
- Verbeter bestuurspraktyk binne die Departement om sy ongekwalifiseerde ouditstatus ten opsigte van beide finansiële bestuur en voorafbepaalde doelwitte (sy skoon oudit) te behou. Vir hierdie doel word algehele voldoening met die wette, regulasies en gedefinieerde interne beheerprosesse vereis.

STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Om strategiese steundienste te verskaf ten einde goeie bestuurspraktyk en gehalte dienslewering te bevorder |
| Doelwitstelling | Om strategiese steundienste te verskaf ten einde teen Maart 2020 goeie bestuurspraktyk en gehalte dienslewering te verbeter |
| Basisdoelwit | Basisdoelwit is skoon oudit |
| Regverdiging | Om die doeltreffendheid van die RWK vir verbeterde dienslewering te verbeter |
| Skakels | Hierdie doelwit skakel met PSD 5: 'Omvat goeie bestuurspraktyk en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike belyning' en departementele Strategiese doelwit 1: 'Verbeterde korporatiewe bestuurspraktyk'. Dit skakel ook baie nou met die NOP 2030-uitkoms: 'Bou 'n bevoegde en ontwikkelingstaat' en 'Beveg korrupsie' en die 2019-uitkoms: 'n Doeltreffende en doelgerigte ontwikkelingsgerigte staatsdiens'. |

| 1.2.1 Stratetiese doelwit | Aanwyser van stratetiese- doelwit- prestasie | Stratetiese- planteiken | Geouditeerde/werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn teiken | | |
|---|---|---|------------------------------------|----------------|----------------|--|--|--|--|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 |
| Om stratetiese steundienst te verskaf ten einde goeie bestuurspra- ktyk en gehalte dienslewering te verbeter | OG-mening oor die oudit van finansiële state en verslag van die nut en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie- inligting | Ongekwalifi- seerde ouditmening sonder sake wat beklemtoon word en geen materiële bevindings oor finansiële sake en die nut en betroubaar- heid van die gerapporteerde prestasie- inligting nie | Skoop oudit | Skoop oudit | Skoop oudit | Ongekwalifi- seerde ouditmening sonder sake wat beklemtoon word en geen materiële bevindings oor finansiële sake en die nut en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie- inligting nie | Ongekwalifi- seerde ouditmening sonder sake wat beklemtoon word en geen materiële bevindings oor finansiële sake en die nut en betroubaarheid van gerapporteerde prestasie- inligting nie | Ongekwalifi- seerde ouditmening sonder sake wat beklemtoon word en geen materiële bevindings oor finansiële sake en die nut en betroubaar- heid van gerapporteerde prestasie- inligting nie | Ongekwalifi- seerde ouditmening sonder sake wat beklemtoon word en geen materiële bevindings oor finansiële sake en die nut en betroubaar- heid van die gerapporteerde prestasie- inligting nie |

AANWYSER VAN SEKTORPRESTASIE²

AANWYSERS VAN PROGRAMPRESTASIE

| Stratetiese doelwit | | Aanwyser van stratetiese- doelwit-prestasie | | | Stratetiese- planteiken 2014/15 | Geouditeerde/werklike prestasie | | |
|---------------------|--|--|-----------------------|---------|---------------------------------------|------------------------------------|----|----|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2013/14 | | 2015/16 | | |
| 1.2.1.1 | Getal opleidingsintervensies vir maatskaplikewerk- en maatskaplike-werk-verwante beroepe | 41 | 34 | 25 | 25 | 25 | 25 | 25 |
| 1.2.1.2 | Getal gegradueerde/voorgaadse interne | 146 | 185 | 115 | 52 | 0 | 0 | 0 |
| 1.2.1.3 | Getal internskappe vir Premier Bevordering van die jeug (PBJ) | 60 | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 | 20 |
| 1.2.1.4 | IABP-vlak vir die bestuurstandaard: Stratetiese Planne | - | Nuwe aanwyser | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.5 | IABP-vlak vir die bestuurstandaard: Jaarlike Prestasieplanne | - | Nuwe aanwyser | 3,5 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.6 | IABP-vlak vir die bestuursandaard: Korporatiewe bestuurspraktyk van IKT | - | Nuwe aanwyser | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.7 | IABP-vlak vir die prestasiearea: Verskaffingskettlingbestuur ³ | IABP 3 HBSR: 3 | IABP: 4 HBSR: 3+ | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.8 | IABP-vlak vir die prestasie-area: Finansiële bestuur ⁴ | IABP 3 HBSR: 3+ | IABP: 3,8 HBSR: 3+ | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 |
| 1.2.1.9 | IABP-vlak vir die Bestuurstandaard: Monitoring en Evaluering | - | Nuwe aanwyser | 2,5 | 3,5 | 3 | 3 | 3 |

² Sektoraanwysers waarvoor nie gerapporteer word nie, word in Bylae E aangedui..

³ Prestasievlak vir al vier Instrumente vir die assessering van Bestuursprestasie- (IABP)-standaarde moet bereik word vir hierdie prestasie-area soos uiteengesit in die Handleiding met beskrywing vanaanwysers (HBA).

⁴ Prestasievlak vir al vyf IABP-standaarde moet vir hierdie prestasievlak bereik word soos uiteengesit in die HBA.

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van programprestasie | Oorsig-tydperk | Jaarlikse teiken2017 /18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/ Niekumulatief | |
|-------------------------------|---|--------------------------|--------------------|-----|-----|-----|---------------------------|-----|
| | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 1.2.1.1 | Getal opleidings-intervensies vir maatskaplike werk en maatskaplike werk-verwante beroepe | Per kwartaal | 25 | 0 | 10 | 10 | 5 | N/K |
| 1.2.1.2 | Getal gegradueerde/voorgaadse interne | Jaarliks | 0 | | | | | N/K |
| 1.2.1.3 | Getal internskappe vir Premier Bevordering van die jeug (PBJ) | Jaarliks | 20 | | | | | N/K |
| 1.2.1.4 | IABP-vlak vir die bestuursandaard: Strategiese Planne | Jaarliks | 4 | | | | | N/K |
| 1.2.1.5 | IABP-vlak vir die bestuursandaard: Jaarlikse Prestasieplanne | Jaarliks | 4 | | | | | N/K |
| 1.2.1.6 | IABP-vlak vir die bestuursandaard: Korporatiewe bestuurspraktyk van IKT | Jaarliks | 4 | | | | | N/K |
| 1.2.1.7 | IABP-vlak vir die prestasiearea: Verskaffingskettingbestuur | Jaarliks | 4 | | | | | N/K |
| 1.2.1.8 | IABP-vlak vir die prestasiearea: Finansiële bestuur | Jaarliks | 4 | | | | | N/K |
| 1.2.1.9 | IABP-vlak vir die Bestuursandaard: Monitering en Evaluering | Jaarliks | 3 | | | | | N/K |

8.1 Versoen prestasieteikens met die begroting- en MTBR-uitgaweberamings**Opsomming van betalings en beramings – Program 1: Administrasie**

| Subprogram R'000 | Uitkoms | | | Hoofteewysing | Aangepaste toewysing | Hersiene beraming | Mediumtermyn-beraming | | | % verandering van hersiene beraming |
|--------------------------------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------------|-------------------|-----------------------|----------------|----------------|-------------------------------------|
| | Geoudit | Geoudit | Geoudit | | | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 | |
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | | | | | | |
| 1. Kantoor van die LUR | 6 394 | 6 777 | 5 864 | 5 875 | 6 450 | 6 450 | 6 503 | 7 023 | 7 563 | 0.82 |
| 2. Korporatiewe-bestuursdienste | 122 303 | 132 189 | 114 989 | 123 775 | 123 146 | 123 146 | 124 918 | 135 971 | 146 157 | 1.44 |
| 3. Distriksbestuur | 48 100 | 50 077 | 53 420 | 56 156 | 57 589 | 57 589 | 68 392 | 73 478 | 79 268 | 18.76 |
| Totale betalings en beramings | 176 797 | 189 043 | 174 273 | 185 806 | 187 185 | 187 185 | 199 813 | 216 472 | 232 988 | 6.75 |

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkoms | | | Hoofwoeying | Aangepaste toewysing | Hersiene beramin g | Mediumtermyn-beraming | | | % verandin g van hersiene beraming |
|--|----------------|----------------|----------------|----------------|-------------------------|--------------------------|-----------------------|----------------|----------------|---|
| | Geoudi † | Geoudi † | Geoudi † | | | | 2018/1 9 | 2019/2 0 | 2016/1 7 | |
| | 2014/15 | 2015/16 | 2016/17 | | | | 2016/17 | 2016/17 | 2016/17 | |
| Huidige betaling | 164 982 | 175 792 | 161 715 | 175 633 | 177 775 | 177 750 | 188 073 | 203 991 | 219 483 | 5.81 |
| Vergoeding van werknemers | 122 089 | 136 858 | 128 648 | 139 937 | 144 324 | 144 299 | 155 507 | 167 979 | 181 453 | 7.77 |
| Goedere en dienste | 42 893 | 38 934 | 33 067 | 35 696 | 33 451 | 33 451 | 32 566 | 36 012 | 38 030 | (2.65) |
| Rente en verhuur van grond | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – |
| Oordragte en subsidies aan | 198 | 723 | 1 802 | 529 | 720 | 745 | 557 | 586 | 618 | (25.23) |
| Provinsies en munisipaliteite | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 6 | 13 | 12 | 17 | 17 | 14 | 18 | 19 | 20 | 28.57 |
| Niewinsgewende instellings | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – |
| Huishoudings | 192 | 710 | 1 790 | 512 | 703 | 731 | 539 | 567 | 598 | (26.27) |
| Betalings vir kapitale bates | 11 511 | 10 947 | 9 635 | 9 644 | 8 690 | 8 690 | 11 183 | 11 895 | 12 887 | 28.69 |
| Geboue en ander vaste strukture | – | 3 049 | – | – | – | – | – | – | – | – |
| Masjinerie en toerusting | 11 511 | 7 898 | 9 635 | 9 644 | 8 690 | 8 690 | 11 183 | 11 895 | 12 887 | 28.69 |
| Waarvan: 'Gekapitaliseerde goedere en dienste' ingesluit in Betalings vir kapitale bates | – | – | – | – | – | – | – | – | – | – |
| Betalings vir finansiële bates | 106 | 1 581 | 1 121 | – | – | – | – | – | – | – |
| Totaal: Ekonomiese klassifikasie | 176 797 | 189 043 | 174 273 | 185 806 | 187 185 | 187 185 | 199 813 | 216 472 | 232 988 | 6.75 |

Prestasie- en bestedingsneigings

Die Departement se plan en begrotings sal steeds hertoegewys word volgens die behoeftes van die gemeenskappe wat dit bedien, asook nasionale en provinsiale strategiese bestuurspraktykprioriteite wat PSD 5 insluit: 'Omsluit goeie bestuurspraktyke en geïntegreerde dienslewering deur vennootskappe en ruimtelike ontwikkeling' en Strategiese Doel 1 van die Departement.

Die volgende strategiese besluite sal die realisering van die Departement se strategiese uitkomst beïnvloed:

- VvW-plafonimplikasies: Herorganiseer menslike hulpbronne om doeltreffendheid (geïdentifiseerde behoefte vir korporatiewedienstesteeun aan maatskaplikewerk-professionele persone) te verbeter; Minimale groei in personeelvoorsiening oor die MTBR
- Infrastruktuur: Vestiging en onderhoud van plaaslike kantore: Afhanklikheid van die beskikbaarheid geskikte persele en die befondsing daarvan (DMO en Departement Vervoer en Openbare Werke (DVOW); O-BBP moet deur DVO tussen die DMO en DVOW gesteun word
- IKT-opfrissingslewenduur is verby die DMO- verpligte vyfjaartydperk verleng;
- Maatskaplike navorsing sal nie uitgekonnekteer word nie, maar in-huis gedoen word; en

- Hersien die sekuriteit en skoonmaakspesifikasies waar die DMO kontraktueel en wetlik verbind word om hoër-as-inflasie-verhogings aan sekere sektore (d.i. sekuriteit en skoonmaakdienste – loonvaststelling) te betaal. Soek na alternatiewe vir sekuriteitsinisiatiewe.

8.2 Risikobestuur

Die kritieke risiko's wat hier onder uiteengesit word, is die gevolg van die vermindering in die Departement se basisdoelwit – spesifiek dié van goedere en dienste – oor die MTBR:

| Risiko | Vermindering van risiko |
|---|--|
| Verminderde finansiële buigsaamheid in strenger kontantvloei-situasie kan die tot volgende hê: <ul style="list-style-type: none"> ● Niebetaling van NWO's en ander kontrakteurs; ● Verhoogde administratiewe las geassosieer met aanpassing van betalingskedules | <ul style="list-style-type: none"> ● Om betalingsproses aan NWO's in oorleg met Provinsiale Tesourie (PT) te hersien; en ● Kommunikasie tussen die DMO en die NWO-sektor te verbeter |
| VvW-plafonimplikasies kan lei tot: <ul style="list-style-type: none"> ● Verhoogde vraag na eie dienste in die provinsie om potensiele dienslewingsgapings te vul wat deur die NWO-sektor gelaat is; ● Afname in statutêre dienslewingsdekking deur NWO's; ● Onbevoegde dekking van areas waarvan die NWO's onttrek het; en ● Groeiende aanvraag vir dienste weens provinsiale bevolkingsgroei en groter armoede | <ul style="list-style-type: none"> ● Verwys hulpbronne aan NWO's om dienste namens die DMO te lewer (kostedoeltreffend); ● Herorganiseer menslike hulpbronne om doeltreffendheid (geïdentifiseerde behoefte aan sterker korporatiewediens aan maatskaplikewerk- operasionele spanne) te verbeter; en ● SOP's moet verseker dat statutêre vereistes en maatskaplikewerknorme en -standaarde bereik word. |
| <ul style="list-style-type: none"> ● Fisiese toegang tot dienste word verhinder deur geografiese voetspoor weens die onbeskikbaarheid van geskikte kantoerpersele; ● Vermindering van begrotings van DVOW sal bykomende begrotingsdruk op DMO plaas (wat nie tot onderhoud van geboue beperk is nie); en ● Verkleinde voetspoor laat reiskoste wat met dienslewingsoperasies verband hou, toeneem | <ul style="list-style-type: none"> ● O-BBP moet deur 'n DVO tussen die DMO en DVOW gesteun word |
| <ul style="list-style-type: none"> ● Verouderende eindverbruikertoerusting lei tot 'n verhoogde voorkoms van wanfunksionering en verlies van verbinding/koppeling; en ● Verlies aan doeltreffendheid en swak kommunikasie met onderontwikkelde werkvloei en die NWO bestuurstelsel | <ul style="list-style-type: none"> ● Verkry befondsing van DSA (vennootskap); ● IKT-opfrissing is verder as die verpligte 5- tot 6-jaartydperk verleng; en ● Maatskaplike navorsing word nie uitgekonnekteer nie, en in-huis gedoen. |
| <ul style="list-style-type: none"> ● Voldoening aan kontraktuele verpligtinge kan die uitgawe van dienslewering en NWO-verhoging weens kontraktueel-verpligte bo-inflasieverhogings aan sekere sektore wat nie deur die DMO beheer word nie (bv. sekuriteit en skoonmaakdienste) negatief beïnvloed | <ul style="list-style-type: none"> ● Hersien die sekuriteit- en skoonmaakspesifikasies; en ● Verkry befondsing vir alternatiewe sekuriteitsinisiatiewe, byvoorbeeld gewapenderaksiemagte teenoor 24-uur-sekuriteitswagte vir DLA's. |

9 Program 2: Maatskaplike welsynsdienste

Doel van die program

Voorsien geïntegreerde ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlikesamelewingsorganisasies.

Subprogram 2.1 Bestuur en steun

Doel van die subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse administratiewe koste van die bestuur- en steunpersoneel wat dienste oor alle subprogramme van hierdie program verskaf.

Subprogram 2.2 Dienste aan ouer persone

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, steun en beskerming van ouer persone.

Programfokus

Die Program vir ouer persone het 'n ontwikkelingsbenadering tot veroudering, en streef daarna om ouer persone so lank as moontlik in hulle gesinne en gemeenskappe te hou. Die hoofdoelwit van die program is om sorg, steun en beskerming aan arm en kwesbare ouer persone in hulle gemeenskappe te verskaf.

In die prioritisering van behoeftes binne die beskikbare hulpbronne sal die program op die volgende intervensies fokus:

- Deurlopende registrasie van woonsorggeriewe vir verswakte ouer persone;
- Registrasie van dienssentrums;
- Alternatiewesorg- en -steunmodelle soos dienssentrums, onafhanklike en geassisteerde inwoongeriewe; en
- Verhoog die befondsingsvlakke om sorg en steun vir ouer persone in woongeriewe en gemeenskapgerigte sorgsteundienste in die provinsie te verseker as deel van sy strategie om bestaande maatskaplike welsynsdienste vir ouer persone in die provinsie te onderhou. Bykomende dienste aan ouer persone sluit oefenprogramme en voeding en beskerming van in. Met die verskillende sosio-ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe impak op die lewensgehalte en welsyn van ouer persone het, in gedagte, sal die program gespesialiseerde dienste onderhou wat deur verkillende NOW-vennote gebied word wat maatskapliedienste- professionele persone in diens het.

Die bogenoemde prioriteite is belyn met die statutêre verpligtinge wat in die Wet op Ouer Persone en die regulasies daarvan vervat is, en die Departement is tot dienslewering in hierdie verband verbind.

STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Verseker toegang tot gehalte maatskaplike-ontwikkelingsdienste vir arm en kwesbare ouer persone |
| Doelwitstelling | Verseker toegang tot gehalte maatskaplike-ontwikkelingsdienste deur teen Maart 2020 sorg, steun en beskerming aan 24 950 arm en kwesbare ouer persone in die Wes-Kaap te verskaf |
| Basisdoel | Getal kwesbare ouer persone met toegang tot gehalte maatskaplike-ontwikkelingsdienste in die provinsie: 24 931 |
| Regverdiging | Die Program vir ouer persone koördineer en fasiliteer toegang tot gehalte dienste om kwesbare ouer persone in hulle provinsie te versorg, te ondersteun en te beskerm. Dit is 'n wetlike mandaat dat die Departement dienste aan ouer persone moet lewer om te verseker dat hulle aan die Wet op Ouer Persone voldoen |
| Skakels | Hierdie doelwit Koppel PSD 3: 'Verhoog welstand, veiligheid en verminder maatskaplike euwels'; dit skakel ook met Nasionale uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners', Nasionale uitkoms 11: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: 'n Inklusiewe en responsiewe beskermingstelsel'. Dit is skakel ook met departementele Strategiese doel 2: 'Verbeter maatskaplike funksionering van arm en kwesbare persone deur maatskaplike welsynsdienste'. Ander skakels: Hierdie doelwit is direk geskakel aan die implementering van die Wet op Ouer Persone, wat op 1 April 2010 in werking getree het. Deur toegang tot gehalte dienste aan kwesbare ouer persone te verskaf tree die program in vennootskappe oor die departementele programme, die NWO-sektor, ander regeringsdepartemente, tersiêre instellings en plaaslike owerhede |

| 2.2.1 Strategiese doelwit | Aanwyser van strategiese- doelwit- prestasie | Strategiese- planteiken | Geouditeerde/werklike prestasie | | | Geraamde prestasie | Mediumtermyn teiken | | |
|---|--|----------------------------|------------------------------------|---------|---------|-----------------------|---------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2013/14 |
| Verseker toegang tot gehalte maatskaplike ontwikkelings- dienste vir arm en kwesbare ouer persone | Getal kwesbare ouer persone in die provinsie wat gehalte maatskaplike ontwikkelings- dienste benut | 24 950 | 32 292 | 22 625 | 22 845 | 24 931 | 24 931 | 24 931 | 24 950 |

AANWYSERS VAN SEKTORPRESTASIE⁵

| Aanwyser van sektorprestasie | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn teiken | | |
|------------------------------|---|---------------------------------|---------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 |
| 2.2.1.1 | Getal ouer persone wat woongeriewe benut | 9 606 | 8 988 | 8 419 | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 |
| 2.2.1.2 | Getal ouer persone wat gemeenskap- gerigte sorg- en steundienste benut | 13 303 | 13 302 | 13 805 | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van sektorprestasie | | PSD- SKAKELS | Oorsig- tydperk | Jaarlikse teiken 2017/18 | Kwartaalike teikens | | | | Kumulatief/ Niekumulatief |
|------------------------------|--|-----------------|--------------------|--------------------------------|---------------------|--------|--------|--------|------------------------------|
| | | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 2.2.1.1 | Getal ouer persone wat woongeriewe benut | 3 | Kwartaalike | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 | 9 000 | N |
| 2.2.1.2 | Getal ouer persone wat gemeenskap- gerigte sorg- en steun-dienste benut | 3 | Kwartaalike | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 15 000 | N |

AANWYSERS VAN PROVINSIALE PRESTASIE

| Aanwyser van provinsiale prestasie | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn teiken | | |
|---------------------------------------|---|---------------------------------|---------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 |
| 2.2.1.3 | Getal ouer persone wat geassisteerde en onafhanklike inwoongeriewe benut wat deur die DMO befonds word | 247 | 335 | 621 | 931 | 931 | 931 | 950 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van provinsiale prestasie | | PSD- SKAKELS | Oorsig- tydperk | Jaarlikse teiken 2017/18 | Kwartaalike teikens | | | | Kumulatief/ Niekumulatief |
|---------------------------------------|---|-----------------|--------------------|--------------------------------|---------------------|-----|-----|-----|------------------------------|
| | | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 2.2.1.3 | Getal ouer persone wat geassisteerde en onafhanklike inwoongeriewe benut wat deur die DMO befonds word | 3 | Jaarliks | 931 | | | | | NK |

Subprogram 2.3 Dienste aan persone met gestremdhede

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en voorsien dienste wat die bevordering van die welstand en die sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede fasiliteer.

⁵ Sektoraanwysers waarvoor nie gerapporteer word nie, word in Bylae E aangedui.

Programfokus

Die program het 'n aantal sleutelfokusareas vir die volgende vyf jaar geïdentifiseer:

- Fasiliteer die implementering van programme wat gemik is op die bevordering van die regte, bemagtiging en psigososiale welstand van persone met gestremdhede, spesifiek diegene met veelvoudige gestremdhede;
- Fasiliteer die implementering van ouerlike sorg- en bemagtigingsprogramme vir alle ouers en versorgers van kinders en jeugdiges met gestremdhede;
- Hou vol met steun aan diensorganisasies vir persone met gestremdhede (DPG's) en organisasies vir persone met gestremdhede (OPG's) wat ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste aan persone met gestremdhede en hulle gesinne en/of versorgers verskaf;
- Gaan voort om leiding en steun te gee, veral aan spesialesorgsentrusms vir kinders met erge en grondige intellektuele vermoëngestremdhede en verseker die verskaffing van 'n omvattende reeks dienste wat die fisiese, emosionele, ontwikkelings-, maatskaplike en opvoedkundige behoeftes takel;
- Die vestiging/versterking van die provinsiale en plaaslike ouerssteunstrukture vir ouers met kinders met gestremdhede, in vennootskap met die NWO-sektor;
- Verligtingsorgdienste wat geïndividualiseerde, buigsame, gesingerigte verligting vir gesinne bring wat kinders met ontwikkelings- en/of fisiese gestremdhede versorg, deur 'n omvattende reeks dienste wat die kind se fisiese, emosionele, ontwikkelings- maatskaplike en opvoedkundige behoeftes en dié van sy/haar gesin takel; en
- Fasiliteer die voorsiening van programme en dienste wat in die Witskrif oor die Regte van Persone met Gestremdhede veranker is.

STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hulle gesinne/versorgers |
| Doelwitstelling | Om die voorsiening van geïntegreerde programme en dienste te fasiliteer om die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede en hulle gesinne/versorgers te fasiliteer en teen Maart 2020 79 549 mense te bedien |
| Basisdoel | Getal persone met gestremdhede en hulle gesinne/versorgers wat ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste in die provinsie benut: 79 261 |
| Regverdiging | Hierdie doelwit sal tot integrasie en uitheffing van gestremdhede bydra en persone met gestremdhede, hulle gesinne/versorgers en die gemeenskappe bemagtig |
| Skakels | Hierdie doelwit skakel met PSD 3: 'Verhoog welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. Voorts skakel dit met Nasionale uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikanners', Nasionale uitkoms 11: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: 'n inklusiewe en responsiewe maatskaplike beskermingsdiens'. Ander skakels: Die doelwit is direk gekoppel aan die nasionale beleid oor die voorsiening van maatskaplike-ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede. Deur toegang tot gehalte dienste aan persone met gestremdhede in samewerking met die programme vir gestremdes tree die Departement in vennootskap met programme, ses streekkantore, ander departemente en plaaslike owerhede |

| 2.3.1 Strategiese doelwit | Aanwyser van strategiese- doelwitprestasie | Strategie- planteiken | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermteiken | | |
|---|--|--------------------------|------------------------------------|---------|---------|----------------------------------|------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 |
| Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan persone met gestremdhede en hul gesinne/versorgers | Getal persone met gestremdhede, hul gesinne/versorgers wat ontwikkelings-maatskaplike welsynsdienste benut | 79 549 | 58 830 | 59 870 | 85 476 | 79 261 | 79 404 | 79 549 | 79 549 |

AANWYSERS VAN SEKTORPRESTASIE

| Aanwyser van sektorprestasie | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermteiken | | |
|------------------------------|---|------------------------------------|---------|---------|----------------------------------|------------------|---------|---------|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 |
| 2.3.1.1 | Getal inwoonerieve vir persone met gestremdhede | 31 | - | 33 | 34 | 35 | 35 | 35 |
| 2.3.1.2 | Getal persone met gestremdhede wat inwoonerieve benut | 1 422 | 1 414 | 1 421 | 1 643 | 1 803 | 1 803 | 1 803 |
| 2.3.1.3 | Getal persone met gestremdhede wat dienste in befondsde beskermende werkwinkels benut | 2 393 | 2 530 | 2 815 | 2 885 | 2 875 | 2 885 | 2 885 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van sektorprestasie | | PSD- SKAKELS | Oorsig- tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/ Niekumulati- ef |
|------------------------------|---|-----------------|--------------------|-------------------------------|--------------------|-------|-------|-------|-----------------------------------|
| | | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 2.3.1.1 | Getal inwoonerieve vir persone met gestremdhede | 3 | Jaarlik | 35 | | | | | N |
| 2.3.1.2 | Getal persone met gestremdhede wat inwoonerieve benut | 3 | Kwartaalike | 1 803 | 1 803 | 1 803 | 1 803 | 1 803 | N |
| 2.3.1.3 | Getal persone met gestremdhede wat dienste in befondsde beskermende werkwinkels benut | 3 | Kwartaalike | 2 875 | 2 875 | 2 875 | 2 875 | 2 875 | N |

AANWYSERS VAN PROVINSIALE PRESTASIE

| Aanwyser van provinsiale prestasie | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermteiken | | |
|------------------------------------|--|------------------------------------|---------|---------|----------------------------------|------------------|---------|---------|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 |
| 2.3.1.4 | Getal persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapgerigte dagsorgprogramme | 535 | 603 | 874 | 861 | 854 | 861 | 861 |
| 2.3.1.5 | Getal persone wat DMO-befondsde gespesialiseerde steundienste benut | 54 480 | 55 323 | 80 365 | 73 872 | 73 872 | 74 000 | 74 000 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van provinsiale prestasie | | PSD- SKAKELS | Oorsig- tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/ Niekumulati- ef |
|------------------------------------|--|-----------------|--------------------|-------------------------------|--------------------|--------|--------|--------|-----------------------------------|
| | | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | |
| 2.3.1.4 | Getal persone met gestremdhede in DMO-befondsde gemeenskapgerigte dagsorgprogramme | 3 | Kwartaalike | 854 | 854 | 854 | 854 | 854 | N |
| 2.3.1.5 | Getal persone wat DMO-befondsde gespesialiseerde steundienste benut | 3 | Kwartaalike | 73 872 | 18 000 | 18 000 | 18 000 | 19 872 | K |

Subprogram 2.4 MIV en VIGS

Doel van subprogram

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapgerigte sorgprogramme en -dienste wat op die vermindering van die maatskaplike impak van HIV en Verworwe immuniteitsgebreksindroom (VIGS) geraak word.

Programfokus

MIV/VIGS-intervensie en –begroting word geïntegreer binne die Kindersorg- en beskermingsprogram.

AANWYSERS VAN SEKTORPRESTASIE⁶

Subprogram 2.5 Maatskaplike leniging

Doel van subprogram

Om op noodbehoefte in gemeenskappe te reageer wat geraak word deur verklaarde rampe, en/of nieverklaarde of enige ander maatskaplike toestand wat onnodige ellende tot gevolg het.

Programfokus

Die Maatskaplikeverligting-subprogram fasiliteer toegang tot maatskaplike noodleniging (MNL), (dws) tydelike finansiële en materiële bystand deur die regering aan mense in erge nood en wat nie die basiese behoeftes van hulle gesinne en hulleself kan bevredig nie. Die Wet op Maatskaplike Bystand, no.13 van 2004 sit die kriteria uiteen waaraan individue moet voldoen ten einde vir die toelae in aanmerking te kom.

Die maatskaplikeverligting-subprogram maak ook voorsiening vir die gene wat deur 'n ramp geraak word, soos gedefinieer in die Wet op Rampbestuur, no. 57 van 2002. Die Suid-Afrikaanse Sosiale Sekerheidsagentskap Wes-Kaap (SASSA WK) is die begrotingshouer van hierdie twee MNL-kategorieë.

Die Departement verleen psigososiale steundienste aan alle slagoffers van rampe, veral kwesbare groepe soos kinders, persone met gestremdhede en ouer persone in 'n gekoördineerde funksie.

⁶ Sektoraanwysers waarvoor nie gerapporteer word nie, word in Bylae E aangedui.

STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Om toegang tot onmiddellike en tydelike sosiale verligting van nooddienste te fasiliteer aan diegene wat geraak word deur onnodige swaarkry en rampe. |
| Doelwitstelling | Om toegang tot onmiddellike humanitêre leniging aan 2 713 betrokke persone te verleen ten einde onnodige lyding en die impak van rampinsidente teen Maart 2020 te verlig |
| Basisdoel | Getal persone wat geassesseer en na SASSA WK verwys is vir maatskaplike lenigingsvoordele: 3 000 |
| Regverdiging | Om toegang tot onmiddellike humanitêre leniging en psigososiale berading te gee aan persone wat deur rampe en/of onnodige ellende geraak is |
| Skakels | Hierdie doelwit skakel met PSD 3: 'Verbeter welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. Dit skakel ook met die departementele Strategiese doelwit 2: 'Verbeter maatskaplike funksionering van arm en kwesbare mense deur maatskaplike welsynsdienste' en departementele Strategiese doelwit 5: 'Skep geleenthede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste'. Skakel met die Nasionale uitkoms: 'Skep volhoubare menslike nedersettings en verbeter die gehalte van huishoudelike lewe' en Nasionale uitkoms 13: 'Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens'. Ander skakels: VN Millennium-ontwikkelingsdoelwitte, Armoedeverligtingstrategieë. |

| 2.5.1 Strategiese doelwit | Aanwyser van strategiese- doelwit- prestasie | Strategiese- planteiken | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|----------------------------|---------------------------------|--------------------------------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2013/14 |
| Om toegang tot onmiddellike en tydelike sosiale verligting van nooddienste te fasiliteer aan diegene wat geraak word deur onnodige swaarkry en rampe. | Getal gevalle (huishoudings) van rampe en onnodige lyding wat geassesseer en na SASSA verwys is vir maatskaplike-lenigings-voordele | 2 713 | 36 800 | Nie verifieerbaar ⁷ | 3 556 | 3 000 | 2 543 | 2 628 | 2 713 |

AANWYSERS VAN PROVINSIALE PRESTASIE

| Aanwyser van provinsiale prestasie | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|------------------------------------|--|---------------------------------|-------------------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 |
| 2.5.1.1 | Getal gevalle (huishoudings) van onnodige lyding wat geassesseer en na SASSA verwys is vir maatskaplike-lenigings-voordele | 5 768 | Nie verifieerbaar | 2 256 | 1 589 | 1 218 | 1 263 | 1 298 |
| 2.5.1.2 | Getal rampgevallen (huishoudings) wat geassesseer en na SASSA verwys is vir maatskaplike-lenigings-voordele | 13 728 | Nie verifieerbaar | 1 300 | 1 411 | 1 325 | 1 365 | 1 415 |

⁷ Die term 'Nie verifieerbaar' verwys na die programkantoor wat nie ondersteunende dokumentasie van SASSA-registers asook rekord van alle gevalle wat verwys is, kan verkry nie, en dus nie betroubare data vir hierdie aanwyser kan rapporteer nie.

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van provinsiale prestasie | PSD-SKAKELS | Oorsig-tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/Niekumulatief | |
|------------------------------------|--|----------------|-------------------------|--------------------|-----|-----|-----|--------------------------|---|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 2.5.1.1 | Getal gevalle (huishoudings) van onnodige lyding wat geassesseeer en na SASSA verwys is vir maatskaplike-lenigingsvoordele | 3 | Kwartaaliks | 1 218 | 268 | 345 | 345 | 260 | K |
| 2.5.1.2 | Getal rampgevalle (huishoudings) wat geassesseeer en na SASSA verwys is vir maatskaplike-lenigings-voordele | 3 | Kwartaaliks | 1 325 | 326 | 341 | 337 | 321 | K |

9.1 Versoen prestasieteikens met die begroting en MTBR**Bestedingsberamings****Opsomming van betalings en beramings –
Program 2: Maatskaplike welsynsdienste**

| Subprogram R'000 | Uitkoms | | | Hoofteewysing | Aangepaste toewysing | Heriene beraming | Mediumtermyn-beraming | | | % verandering van heriene beraming |
|--------------------------------------|----------------|----------------|----------------|----------------|----------------------|------------------|-----------------------|----------------|----------------|------------------------------------|
| | Geoudit | Geoudit | Geoudit | | | | | | | |
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | | | 2016/17 | 2016/17 | 2016/17 | |
| Bestuur en steun | 327 515 | 370 425 | 388 516 | 424 837 | 412 815 | 412 717 | 446 870 | 470 892 | 527 071 | 8.28 |
| Dienste aan ouer persone | 166 353 | 174 720 | 195 523 | 203 310 | 205 685 | 205 783 | 237 371 | 248 244 | 255 907 | 15.35 |
| Dienste aan persone met gestremdhede | 86 118 | 89 719 | 134 130 | 148 492 | 151 118 | 151 118 | 163 765 | 171 660 | 177 186 | 8.37 |
| Maatskaplike noodleniging | | | 1 708 | 1 746 | 2 155 | 2 155 | 2 236 | 2 443 | 2 637 | 3.76 |
| Totale betalings en beramings | 579 986 | 634 864 | 719 877 | 778 385 | 771 773 | 771 773 | 850 242 | 893 239 | 962 801 | 10.17 |

Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 2: Maatskaplike welsynsdienste

| Ekonomiese klassifikasie R'000 | Uitkoms | | | Hoof- bewilling | Aangepaste bewilling | Hersiene beraming | Mediumtermynberaming | | | % verandering van hersiene beraming |
|--|--------------------|--------------------|--------------------|--------------------|-------------------------|----------------------|----------------------|----------------|----------------|---|
| | Geoudi † | Geoudi † | Geoudi † | | | | 2017/18 | 2018/1 9 | 2019/2 0 | |
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | | | 2016/17 | 2016/17 | 2016/17 | |
| Huidige betaling | 316 190 | 355 136 | 382 968 | 428 465 | 418 871 | 418 563 | 459 515 | 485 417 | 543 361 | 9.78 |
| Vergoeding van werknemers | 277 169 | 314 051 | 336 834 | 374 607 | 364 054 | 363 746 | 400 923 | 423 591 | 478 089 | 10.22 |
| Goedere en dienste | 39 021 | 41 085 | 46 134 | 53 858 | 54 817 | 54 817 | 58 592 | 61 826 | 65 272 | 6.89 |
| Rente en verhuur van grond | | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies aan | 252 952 | 265 870 | 321 680 | 333 868 | 335 790 | 336 098 | 373 289 | 389 456 | 400 448 | 11.07 |
| Provinsies en munisipaliteite | | 4 | | | | | | | | |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 1 | | | | | 7 | | | | (100.00) |
| Niewinsgewende instellings | 252 471 | 264 439 | 320 964 | 333 768 | 335 135 | 335 135 | 373 189 | 389 356 | 400 342 | 11.35 |
| Huishoudings | 480 | 1 431 | 716 | 100 | 655 | 956 | 100 | 100 | 106 | (89.54) |
| Betalings vir kapitale bates | 10 844 | 13 858 | 15 229 | 16 052 | 17 112 | 17 112 | 17 438 | 18 366 | 18 992 | 1.91 |
| Geboue en ander vaste strukture | | | | | | | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 10 844 | 13 858 | 15 229 | 16 052 | 17 112 | 17 112 | 17 438 | 18 366 | 18 992 | 1.91 |
| Waarvan: 'Gekapitaliseerde goedere en dienste' ingesluit in Betalings vir kapitale bates | | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | | | | | | | | | | |
| Totale ekonomiese klassifikasie | 579 986 | 634 864 | 719 877 | 778 385 | 771 773 | 771 773 | 850 242 | 893 239 | 962 801 | 10.17 |

Prestasie- en bestedingsneigings

Die Departement se planne en begrotings sal steeds hertoegewys word sodat dit in pas kan bly met die mees ekonomiese, doeltreffende en doelgerigte toewysing om gemeenskapsbehoefte en nasionale en provinsiale strategiese prioriteite na te kom, waarvan PSD 3: 'Verbeter welstand en veiligheid en verminder maatskaplike ewels' die hoofdoel is.

Die volgende strategiese besluite sal die realisering van die strategiese uitkomst in die huidige MTBR-tydperk beïnvloed:

- 'n Prioriteitstoewysing vir woonsorg vir ouer persone (verswakte-sorg) en persone met gestremdhede om befondsingsvlakke en uitbreiding te verbeter;
- Die indiensneming van maatskaplikewerkgegradeerdes deur die voorwaardelike toelae: Maatskaplikewerkerindiensnemingstoelae;
- Laer-as-inflasie-verhogings aan NWO's;
- Prioritiserings van statutêre dienste en vermeerderingsimplementering van statutêre mandate;

- Verkleining van niekern-sakeprojekte en -aktiwiteite; en
- Geteikende kommunikasieveldtogte.

9.2 Risikobestuur

| Risiko | Risiko |
|---|---|
| <ul style="list-style-type: none"> ● Kom nie die statutêre verpligting ten opsigte van die volgende wette na nie: Die Grondwet van Suid-Afrika, die Kinderwet Wet op Middelemisbruik, Wet op Ouer Persone en die Wet op Kindergeregtigheid, asook die dienste wat kragtens ander wette ingestel is, soos die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Mensehandel, die Wet op Huishoudelike Geweld en die Wysigingswet op Seksuele Oortredings en ander Verwante Sake | <ul style="list-style-type: none"> ● Laer-as-inflasie-verhogings ($\pm 3\%$) teenoor GEEN verhogings aan befondsde NWO's nie; ● Vermindering van niestatutêre dienste; ● Aansoek om verminderde maatreëls en doeltreffendhede om die huidige basisdoel te behou; en ● Verhoogde fokus op statutêre verpligtinge om hierdie dienste op die vereiste standaard te bring |
| <p>Verminderde finansiële buigsaamheid, wat inhou dat die strenger kontantvloei-situasie op die volgende kan uitloop:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Niebetaling van NWO's en ander kontrakteurs; en ● Verhoogde administratiewe las wat met aanpassings in betalingskedules verband hou | <ul style="list-style-type: none"> ● Die nakkoming van die formele DVO tussen die twee entiteite sal die gesamentlike dienslewering-respons ten opsigte van SRD-uitrol versterk; ● Om die betalingsproses aan NWO's in oorleg met die PT te hersien; en ● Om die kommunikasie tussen DMO en die NOW-sektor te verbeter |
| <ul style="list-style-type: none"> ● Verhoogde aanvraag vir eie dienste om potensiële dienslewering-gapings te dek wat deur die NOW-sektor gelaat is ● Vermindering van statutêre dienslewering-dekking deur NWO's; ● Onvoldoende dekking van areas waaraan die NWO's moes onttrek; en ● Groeiende vraag na dienste weens provinsiale bevolkingsgroei en meer armoede | <ul style="list-style-type: none"> ● Herlei hulpbronne na NWO's om dienste namens die DMO te lewer (meer kostedoeltreffend); ● Herorganiseer menslike hulpbronne om doeltreffendhede (geïdentifiseerde behoefte aan sterker korporatiewedienste- en maatskaplike-werk- operasionele spanne) te verbeter; en ● SOP's moet verseker dat daar aan statutêre vereistes en maatskaplikewerk-norme en standaarde voldoen word. |

10 Program 3: Kinders en gesinne

Doel van die program

Voorsien omvattende kinder- en gesinsorg- en -steundienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en burgerlikesamelewingsorganisasies.

Subprogram 3.1 Bestuur en steun

Doel van subprogram

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en administratiewe koste van die bestuur- en ondersteuningspersoneel wat dienste oor alle subprogramme van hierdie program lewer.

Subprogram 3.2 Sorg en dienste aan gesinne

Doel van subprogram

Programme en dienste moet funksionele gesinne bevorder en kwesbaarheid in gesinne voorkom.

Programfokus

Gesinne vorm die kern van ons samelewing. Daar is groeiende kommer dat die disintegrasi van gesinne tot 'n hele aantal maatskaplike patologieë, soos middelemisbruik, geweld en bendebedrywighede bydra. Die programintervensies is wesenlik belangrik om die welstand van gesinne te koester en gesinne te bevorder en te versterk, wat die sleutelkwessies is wat deur die Witskrif op die Gesin 2013 uitgelig word.

Hierdie program sal oor die volgende finansiële jaar op die volgende intervensies fokus in die prioritering van behoeftes binne die beskikbare hulpbronne en met die besef dat alle ander programme hulle dienste in 'n gesinskonteks lewer:

- Terapeutiese programme om huislose volwassenes terug in hulle gesinne en oorspronklike gemeenskappe te rehabiliteer;
- Voorsiening van spesialis-steun- en -voorkomingsprogramme ten opsigte van baie jong of tienermoeders, seuns en vaders, risiko-ouers; en
- Die aansoekvorm van norme en standaarde vir dienste en skuilings vir huislose volwassenes deur implementering van die Gehalteversekeringsbeleidsraamwerk.

STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|----------------------------|---|
| Strategiese doelwit | Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van daadkragtige gesinne fokus |
| Doelwitstelling | Om gesin- en gemeenskapsintervensies te steun en te versterk wat maatskaplike samehorigheid koester deur geïntegreerde en geteikende intervensies te lewer wat op die bou van daadkragtigheid vir 22 108 gesinne fokus en daardeur hulle lewensgehalte teen Maart 2020 verbeter |
| Basisdoel | Die getal gesinne wat toegang het tot en deelneem aan ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste wat die behoud van gesinne bevorder: 20 787 |
| Regverdiging | Sterk gesinne verbeter die lewenskans van individuele gesinslede. Dienste aan gesinne is gewortel in die gesinsversterkingsbenadering – 'n raamwerk wat die gesin as die mees basiese faktor erken wat die lewe en uitkomst van kinders beïnvloed; en dat gesinne sterk is wanneer veilige en florerende buurte en gemeenskappe hulle ondersteun |
| Skakels | Hierdie doelwit skakel met PSD 3: 'Verhoog welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. Dit is ook gekoppel aan departementele Strategiese doelwit 3. Voorts skakel dit met Nasionale uitkoms 11: 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens'. |

STRATEGIESE DOELWIT

| 3.2.1 Strategiese doelwit | Aanwyser van strategiese- doelwit-prestasie | Strategiese planteiken | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde de prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|--|---|---------------------------|------------------------------------|---------|---------|--|---------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2019/20 |
| Geïntegreerde en geteikende intervensies wat op die bou van daadkragtige gesinne fokus | Die getal gesinne wat ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste benut wat die maatskaplike welstand van gesinne en gemeenskappe versterk | 22 108 | 26 262 | 23 490 | 24 143 | 20 787 | 20 486 | 20 796 | 22 108 |

AANWYSERS VAN SEKTORPRESTASIE

| Aanwyser van sektorprestasie | Geouditeerde/Werklike prestasie | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|--|------------------------------------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 |
| 3.2.1.1 Getal gesinslede wat met hul gesinne herentig is | 422 | 425 | 422 | 450 | 500 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van sektorprestasie | PSD-SKAKELS | Oorsig-tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/Niekumulatief | |
|------------------------------|---|----------------|-------------------------|--------------------|-----|-----|-----|--------------------------|---|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 3.2.1.1 | Getal gesinslede wat met hul gesinne herenig is | 3 | Kwartaaliks | 425 | 115 | 110 | 100 | 100 | C |

AANWYSERS VAN PROVINSIALE PRESTASIE

| Aanwyser van provinsiale prestasie | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermteiken | | | |
|------------------------------------|--|---------|---------|----------------------------|------------------|---------|---------|--------|
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | |
| 3.2.1.2 | Getal regeringsgesubsidieerde beddens in skuilings vir huislose volwassenes | 1 389 | 1 398 | 1 368 | 1 388 | 1 391 | 1 400 | 1 400 |
| 3.2.1.3 | Getal gesinne wat in dienste vir die behoud en steun van gesinne deelneem ⁸ | 14 548 | 14 160 | 14 931 | 11 976 | 20 061 | 20 346 | 21 608 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van provinsiale prestasie | PSD-SKAKELS | Oorsig-tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/Niekumulatief | |
|------------------------------------|---|----------------|-------------------------|--------------------|------|-------|-------|--------------------------|----|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 3.2.1.2 | Getal regeringsgesubsidieerde beddens in skuilings vir huislose volwassenes | 3 | Jaarliks | 1 391 | | | | | NK |
| 3.2.1.3 | Getal gesinne wat in dienste vir die behoud en steun van gesinne deelneem | 3 | Kwartaaliks | 20 061 | 4729 | 5 145 | 5 207 | 4 980 | K |

Subprogram 3.3 Kindersorg en -beskerming**Doel van subprogram**

Ontwerp te implementeer geïntegreerde programme en dienste wat voorsiening aak vir die ontwikkeling, sorg en beskerming van die regte van kinders.

Programfokus

Die kern- wetlike mandate van die Departement is in hierdie program geleë. Dus is 'n sleutelfokus vir volle implementering van die basiese vereistes en doeltreffende monitering van die kinderwet vir alle statutêre dienste. Intervensies wat met die beskikbare hulpbronne prioriteit geniet, is:

- Voorkomende dienste – openbare onderwys wat fokus op burgerlike verantwoordelikheid en die verpligting om mishandeling van kinders aan te meld ten einde kindermishandeling, -verwaarloosing en -uitbuiting te voorkom; verantwoordelikhede en regte van ouers;
- Vroeë-intervensiediens – voorsien 'n hele reeks programme vir kinders met risikogedrag, insluitend, maar nie beperk nie tot:
 - Adolescente-ontwikkelingsprogramme;
 - Programme vir kinders met gedrags-, sielkundige en emosionele probleme;
 - Gemeenskapgerigte sorgprogramme (bv. Isibindi); en
 - Oorgang- en -steunprogramme wat gereed maak om alternatiewe sorg en beskerming te verlaat.
- Statutêre dienste aan kinders wat sorg en beskerming nodig het. Die fokus is op:
 - Kinders in pleegsorg. 'n Provinsiale pleegsorgbestuursplan vir doeltreffende en doelgerigte bestuur van pleegsorg in die provinsie is in 'n stadium van ontwikkeling en goedkeuring; en
 - Aanneemdienste vir kinders.
- Voorsiening van nasorgdienste:
 - Herintegrasie- en herenigingsdienste vir kinders om gesinsbehoud te bevorder; en

⁸ Hierdie aanwyser was voorheen 'Getal gesinne wat in gesinsbehoud dienste deelneem', maar sluit nou (vanaf 2017/18) 'Getal ouers in ouerskapvaardighedsprogramme' in.

- Steun aan gesinne vir volhoubare verhoudings ná gesinshereniging- en herintegrasiedienste.
- Die toepassing van norme en standaarde om aan die Kinderwet te voldoen deur die implementering van die gehalteversekeringsbeleidsraamwerk;
- Voorsiening van opleiding aan maatskaplike werkers oor die implementering van die Veiligheid- en risiko-assesseringsinstrument om hulle assesseringsvaardighede vir kinderbeskerming te verbeter.

STRATEGIESE DOELWIT

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Fasiliteer die verskaffing van 'n kontinuum van dienste wat die welstand van kinders bevorder en die daadkragtigheid van gesinne en gemeenskappe bou om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm |
| Doelwitstelling | Belê in en verseker gehalte dienste aan kinders, insluitend dié wat sorg en beskerming nodig het, deur die verskaffing van 'n kontinuum van dienste te fasiliteer wat die welstand van 8 921 kinders en gesinne teen Maart 2020 bevorder |
| Basisdoel | Getal kinders en gesinne in die provinsie wat sorg- en beskermingsdienste benut: 7 807. |
| Regverdiging | Dra by tot 'n afname in die getal gerapporteerde gevalle van kindermishandeling; Dra by om die bevoegdheid en daadkragtigheid van gesinne en gemeenskappe te bevorder om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm; Dra by tot die beskerming en ontwikkeling van kinders; en Dra by tot die skepping van geleenthede vir groei en werk om die uitdaging van inkomste-armoede te takel. |
| Skakels | Hierdie doelwit skakel met die departementele strategiese doelwit 3 omdat hierdie dienste op die bou van die sterktes van kinders, gesinne en die gemeenskap gemik is Die Departement se doelwit skakel ook direk met die nasionale uitkomst 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: '“n Inklusiewe en reponsiewe maatskaplike-beskermingsdiens'. Skakel met PSD 3: 'Verhoog welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels'. |

| 3.3.1 Strategiese doelwit | Aanwyser van strategiese- doelwit- prestasie | Strategie- se-plan- teiken | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|---|----------------------------------|------------------------------------|----------------------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2013/14 |
| Fasiliteer die verskaffing van 'n kontinuum van dienste wat die welstand van kinders bevorder en die daadkragtigheid van gesinne en gemeenskappe bou om vir hulle kinders te sorg en hulle te beskerm | Getal kinders en gesinne in die provinsie wat sorg- en beskermingsdienste benut | 8 921 | 101 197 | 111 435 ⁹ | 7 573 | 7 807 | 8 723 | 8 847 | 8 921 |

AANWYSERS VAN SEKTORPRESTASIE¹⁰

| Aanwyser van sektorprestasie | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|---|------------------------------------|---------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 |
| 3.3.1.1 Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is | 3 243 | 3 507 | 3 702 | 3 200 | 3 150 | 3 270 | 3 470 |

⁹ Verandering in die begrotingstruktuur. VKO-teikens is voorheen ingesluit.

¹⁰ Sektoraanwysers waarvoor nie gerapporteer word nie, word in Bylae E aangedui.

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van sektorprestasie | PSD-SKAKELS | Oorsig-tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/Niekumulatief | |
|------------------------------|---|----------------|-------------------------|--------------------|-----|-----|-----|--------------------------|---|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 3.3.1.1 | Getal kinders wat in pleegsorg geplaas is | 3 | Kwartaaliks | 3 150 | 789 | 810 | 809 | 742 | K |

AANWYSERS VAN PROVINSIALE PRESTASIE

| Aanwyser van provinsiale prestasie | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermteiken | | | |
|------------------------------------|--|---------|---------|----------------------------|------------------|---------|---------|-------|
| | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | |
| 3.3.1.2 | Getal kinders wat met gesinne of alternatiewe-sorg-versorgers herenig is | 366 | 416 | 413 | 397 | 403 | 417 | 426 |
| 3.3.1.3 | Getal ouers en versorgers wat oueropvoeding en opleidingsprogramme voltooi het | 4 374 | 5 721 | 3 458 | 4 210 | 3 320 | 3 430 | 3 495 |
| 3.3.1.4 | Getal ondersoeke na die vraag of 'n kind sorg en beskerming nodig het wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie | - | - | - | Nuwe aanwyser | 3 000 | 3 000 | 3 000 |
| 3.3.1.5 | Getal Kinderhofnavrae wat geopen is (ondersoeke deur Kinderhof geïnisieer) | - | - | Nuwe aanwyser | 2 000 | 2 000 | 2 000 | 2 000 |
| 3.3.1.6 | Getal Vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien is | - | - | Nuwe aanwyser | 2 600 | 3 800 | 3 800 | 3 800 |
| 3.3.1.7 | Getal Kinderhofnavrae afgehandel | - | - | Nuwe aanwyser | 2 900 | 3 800 | 3 800 | 3 800 |

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van provinsiale prestasie | PSD-SKAKELS | Oorsig-tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/Niekumulatief | |
|------------------------------------|--|----------------|-------------------------|--------------------|------|-----|-------|--------------------------|---|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 3.3.1.2 | Getal kinders wat met gesinne of alternatiewe-sorg-versorgers herenig is | 3 | Kwartaaliks | 403 | 91 | 94 | 120 | 98 | K |
| 3.3.1.3 | Getal ouers en versorgers wat oueronderwys- en opleidingsprogramme voltooi het | 3 | Kwartaaliks | 3 320 | 342 | 548 | 448 | 1 982 | K |
| 3.3.1.4 | Getal ondersoeke na die vraag of 'n kind sorg en beskerming nodig het wat nie deur die Kinderhof geïnisieer is nie | 3 | Kwartaaliks | 3 000 | 751 | 772 | 772 | 705 | K |
| 3.3.1.5 | Getal Kinderhofnavrae wat geopen is (ondersoeke deur Kinderhof geïnisieer) | 3 | Kwartaaliks | 2 000 | 510 | 505 | 500 | 485 | K |
| 3.3.1.6 | Getal Vorm 38-verslae wat deur aangewese maatskaplike werkers by die Kinderhof ingedien is | 3 | Kwartaaliks | 3 800 | 9 20 | 980 | 1 000 | 900 | K |
| 3.3.1.7 | Getal Kinderhofnavrae afgehandel | 3 | Kwartaaliks | 3 800 | 9 20 | 980 | 1 000 | 900 | K |

Subprogram 3.4 VKO en deelsorg

Doel van subprogram

Voorsien omvattende vroeëkindertontwikkelingsdienste.

Programfokus

Die volgende sleutelareas van intervensie, wat op verbeterde toegang en gehakte gemik is, is vir die volgende drie tot vyf jaar geprioritiseer:

- Fasiliteer geskikte VKO-dekking in die provinsie (sentrumgerigte en buitensentrumvoorsiening), deur die ontwikkeling van 'n voorsieningsplan wat as beplanning- en begrotingsinstrument dien;
- Verbeter VKO-gehalte by geteikende VKO-personele waar skoolgereedheid swak is, in samewerking met die WKOD ten einde tot die verbetering van onderwysuitkomst vir kinders by te dra;
- Verbeter die gehalte van voeding in VKO-personele in vennootskap met die DvG;
- Ondersteun die hoofstroming van kinders met gestremdhede in geselekteerde VKO-personele deur opleiding, onderwyserontwikkeling, ouerbetrokkenheid en -steun, geskikte toerusting en infrastrukturele steun;
- Deurlopende verbetering van gehalte in VKO in vennootskap met ander departemente en rolspelers deur onderwysersopleiding, mentoring en steun; implementering van die kurrikulumraamwerk vir kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar; registrasie en implementering van in-personeel-leerprogramme; monitering van programverbeterings, asook voldoening aan norme en standaarde;
- Toets innoverende befondsingsmeganismes, soos maatskaplike konsessies en maatskaplike impakverbande ten einde inlomstestrome vir VKO-voorsiening uit te brei;
- Implementering van 'n kommunikasieplan om die bereiking van VKO-uitkomst te steun, die publiek op te voed, gedrag en praktyke te verander en nakoming te bevorder;
- Die assessering van die status van voorwaardelik geregistreerde VKO-deelsorgeriewe ter voorbereiding van die implementering van die voorwaardeliktoelaagtoegang word geprioritiseer. Dievoorwaardelike toelae het twee komponente: 'n VKO-subsidie en 'n VKO-onderhoudskomponent. Die toelae sal vir 2017/18 en 2018/19 beskikbaar gestel word en is gebaseer op die nasionale VKO-oudit van 2013 en die nuwe VKO-beleid; en
- Probeer bykomende hulpbronne mobiliseer om die getal naskoolsorgsentrusse (NsS) oor die tydperk van die MTBR uit te brei in vennootskap met provinsiale Naskool-spelverskuiwer.

Die program sal op die belyning van die provinsiale VKO-strategie met die nuwe nasionale VKO-beleid fokus en sal ook steeds op die volgende projekte fokus:

- 'n Fokus op die Eerste 1000 dae om omvattende dienste aan jong kinders te bied;
- Goed-ontwerpte hoëprofiel-ouersteunprogramme;
- Deurlopende gehalte in die VKO deur vennootskappe met ander departemente en rolspelers;
- Voortsetting van registrasie van die VKO-programme in vennootskap met die WKOD in afwagting van implementering van Nasionale Kurrikulumraamwerk vir kinders van 0 – 4; en
- Die vestiging van 'n spesiale VKO-program vir engelse taal- en kognitiewe ontwikkeling by 100 personele waar skoolgereedheid swak is.

| | |
|----------------------------|--|
| Strategiese doelwit | Fasiliteer 'n koesterende, versorgende en veilige omgewing vir kinders om te oorleef, fisies gesond en verstandelik wakker, emosioneel veilig en maatskaplik bevoeg te wees en te kan leer |
| Doelwitstelling | Belê in en verseker gehalte VKO- en NsS-dienste wat die veiligheid en ontwikkeling van 94 000 teen Maaart 2020 bevorder |
| Basisdoel | Getal kinders in provinsie wat sorg- en ontwikkelingsdienste benut: 87 000 |
| Regverdiging | Voorsien 'n meganisme vir vroeë intervensie en kinderbeskerming; Vorm die basis van skooluitkomst wat vebeter en lê die fondament vir lewenslange leer; 'n Manier om armoede in die kinderjare te verminder; en 'n Geleentheid om die vaardighede en bevoegdheids te ontwikkel wat vir ekonomiese geleenthede in die volwasse lewe nodig is |

| | |
|----------------|---|
| Skakels | <p>Hierdie doelwit skakel met PSD 3: 'Verhoog welstand en veiligheid en verminder maatskaplike euwels' en PSD 2: 'Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling'.</p> <p>Hierdie doelwit skakel ook met die departementele Strategiese doelwit 3 deurdat dienste gemik is op die bou van sterktes van kinders, gesinne en gemeenskappe.</p> <p>Die Departement se doel skakel ook direk met die nasionale uitkomst: 'Verbeter die gehalte van basiese onderwys' en 'Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld' en Nasionale uitkoms 13: 'n Inklusiewe en responsiewe maatskaplikebeskermingsdiens'. Skakel ook met die strategiese doelwit om 'korporatiewe bestuurspraktyke te verbeter' omdat daar van organisasies verwag word om aan die wetgewing en voorwaardes vir befondsing te voldoen</p> |
|----------------|---|

STRATEGIESE DOELWIT

| 3.4.1 Strategiese doelwit | Aanwyser van strategiese- doelwit- prestasie | Strategiese- planteiken | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|--|--|----------------------------|------------------------------------|---------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2017/18 | 2018/19 | 2013/14 |
| Fasiliteer 'n koesterende, versorgende en veilige omgewing vir kinders om te oorleef, fisies gesond en verstandelik wakker, emosioneel veilig en maatskaplik bevoeg te wees en te kan leer | Getal kinders in die provinsie wat VKO- en NsS-dienste benut | 94 000 | 101 197 ¹¹ | 83 871 | 86 294 | 87 000 | 88 000 | 90 000 | 94 000 |

AANWYSERS VAN SEKTORPRESTASIE¹²

AANWYSERS VAN PROVINSIALE PRESTASIE

| Aanwyser van provinsiale prestasie | | Geouditeerde/Werklike prestasie | | | Geraamde prestasie 2016/17 | Mediumtermyn-teiken | | |
|------------------------------------|--|------------------------------------|---------|---------|----------------------------------|---------------------|---------|---------|
| | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 | | 2013/14 | 2014/15 | 2015/16 |
| 3.4.1.1 | Getal kinders in befondsde VKO-dienste ¹³ | 83 857 | 77 649 | 78 359 | 80 000 | 81 000 | 83 000 | 87 000 |
| 3.4.1.2 | Getal kinders in befondsde NsS-dienste ¹⁴ | 6 735 | 6 222 | 7 935 | 7 000 | 7 000 | 7 000 | 7 000 |
| 3.4.1.3 | Getal geregistreerde deelsorggeriewe ¹⁵ | 1 697 | 1 909 | 1 708 | 1 850 | 1 850 | 1 900 | 1 900 |

¹¹ Verandering in begrotingstruktuur. VKO was voorheen deel van die subprogram Kindersorg en -beskerming.

¹² Sektoraanwysers Sektoraanwyser waarvoor nie gerapporteer word nie, word in Bylae E aangedui.

¹³ Programme en dienste word onderlik uitgeruil en gebruik.

¹⁴ Verandering in aanwyser van NsS-program na NsS-diens. Hierdie aanwyser tel die getal kinders wat geregistreerde en befondsde naskoolsorgdienste (NsS-) benut en sluit NsS-deelsorggeriewe (wat individueel befonds word) en NsS-programme in wat afsonderlik gere-gistree, maar via NsS-diesverskaffers befonds en bestuur word.

¹⁵ Ongeveer 10% van hierdie getal is geregistreerde NsS-deelsorggeriewe.

Kwartaalike uiteensetting

| Aanwyser van provinsiale prestasie | PSD-SKAKELS | Oorsig-tydperk | Jaarlike teiken 2017/18 | Kwartaalike teiken | | | | Kumulatief/Niekumulatief | |
|------------------------------------|--|----------------|-------------------------|--------------------|-------|-------|-------|--------------------------|----|
| | | | | 1ste | 2de | 3de | 4de | | |
| 3.4.1.1 | Getal kinders in befondsde VKO-dienste | 2,3 | Annually | 81 000 | | | | | NK |
| 3.4.1.2 | Getal kinders in befondsde NSS-dienste | 3 | Annually | 7 000 | | | | | NK |
| 3.4.1.3 | Getal geregistreerde deelsorgeriewe | 3 | Kwartaaliks | 1 850 | 1 850 | 1 850 | 1 850 | 1 850 | NK |

Subprogram 3.5 Kinder- en jeugsorgsentrum**Doel van subprogram**

Verskaf alternatiewe sorg aan kwesbare kinders.

Programfokus

Skep 'n bevorderlike en versterkende woonomgewing vir kinders wat sorg en beskerming nodig het deur 'n multi-program en spesialis-diensmodel waar bemagtiging en ontwikkeling help in die heropname van goed-gebalanseerde en toegeruste inwoners in die gemeenskap.

Die volgende intervensies sal binne die beskikbare hulpbronne geprioritiseer word:

- 'n strategie is ontwikkel vir die voorsiening van KJSS'e in die Wes-Kaap vir kinders oor die hele kontinuum van sorg en beskerming heen, met die fokus op gapings wat deur profilerings (onvoldoende programverskaffing) geïdentifiseer is;
